Ek dink dit [hang] af van individu tot individu, maar vir my is dit my "escape" van 'n graad wat vervelig is en wat ek eintlik nie geniet nie. Sonder *Sêr* sal ek n droë kampuslewe he wat bestaan uit studies. *Sêr* is my 'get out of [studying] free card.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Ek het al menigde studente gesien wat [hoegenaamd] geen musikale ervaring het nie en wat dan soms as die sterre van *Sêr* uitree.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Almal weet *Sêr* is groot, dit is hoekom mense in rye slaap vir kaartjies. Vir 'n week staan die universiteit stil vir *Sêr* - dosente verstaan dit egter nie, of altans nie myne nie, maar wie gee nou om wat dosente dink!

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Dosente nee! Ek kon nog nooit *Sêr* as 'n verskoning vir enige akademiese goed gebruik nie, bygesê ek studeer regte. Ek dink hulle is jaloers, want al wat hulle het is hulle werk. Ek lewe 'n vol en lekker lewe en balanseer my *Sêr* en studies. Ander studente aanvaar dit definitief, almal wens hulle kon *Sêr* sing. Ek het al vir menigde koshuise hulle oudisies gedoen en daar kom gemiddeld 70 mense elke jaar om *Sêr* te sing.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om studente die geleentheid te gee om hulle liefde vir sang saam met mede-koshuislede te deel, om die Puk nasionaal te verteenwoordig (of dan nou die universiteit waar jy studeer) en laastens is dit 'n groot finansiële bydrae tot die kunste se finansies.

Participant C (“Trudie”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

In sommige opsigte bly dit jare lank dieselfde. Dit word byvoorbeeld uitsluitlik deur studente afgerig en opgevoer. Dit is 'n lekker sosiale aktiwiteit en 'n belangrike deel van georganiseerde studente lewe. Ek het dit baie geniet en die trots van die koshuis was op die spel.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

In 'n koshuis met beperkte stemme is elkeen wat kan noothou of 'n instrument kan speel belangrik.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Ek voel ek behoort in die koshuis en ek is deel van die studente lewe.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Daar is dinge wat deur sang gekommunikeer kan word wat andersins nie toegelaat sou word nie soos byvoorbeeld protes oor bestuur.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Almal kan deelneem want die musiek word mondelings oorgedra en nie deur musieknotasie nie.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Hulle geniet dit as [vermaak] maar hulle beskou dit ook as belangrike punte vir elke koshuis.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Ja almal geniet [dit]. Ek dink dosente mag dalk voel dit meng te veel met akademie in.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om georganiseerde studente lewe te bevorder en iets daar te stel waarop studente trots kan wees.

Participant D (“Ilse”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Elke jaar deel honderde studente in die oudisies om 'n plekkie op die verhoog te wen. *Sêr* word elke jaar net [groter].

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Daar is slegs [maksimum twintig] mense op die verhoog. [Met ander woorde] vyf mense op 'n stemparty. Dus as jy nie jou deel doen nie, rig jy skade aan die produk.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Jy vorm deel [van] 'n groep mense wat maande oefen om die beste te wees! Jy word 'n klein *Sêr* familie wat groot en goeie vriendskappe kweek! Dit vorm jou as student, as mens en sommige as musikante.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Deur die verskillende tegnieke wat musiek uitbeeld, oor die algemeen: Intonasie, harmonieë, danse, klere, humor, kontroversie. In sewentien minute probeer die twintig deelnemers hul boodskap en/tema oordra

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Die wat bladles, kan dit doen. Vir die wat nie kan nie is daar afrigters met instrumente wat die musiek in/aanleer.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

As 'n fantastiese, 'amazing' produk! Kampus is altyd [verskriklik] opgewonde oor *Sêr* dat die kaartjies vlieg en studente selfs voor die kaartjie-kantoor kamp om 'n kaartjie te verseker!

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

As 'n fantastiese amazing produk! Kampus is altyd [verskriklik] opgewonde oor *Sêr* dat die kaartjies vlieg en studente selfs voor die kaartjie-kantoor kamp om 'n kaartjie te verseker!

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Eenheid, fun en 'n boodskap. Musikale [v]ryheid.

Participant E (“Rachel”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Every year each and every dorm tries to show [off] their musical talent by entering this competition. It has become deeply embedded in all traditions surrounding music and culture.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

The strength of your performance relies on each and every person giving their utmost to make sure every performance is to best bet of their abilities. It is the responsibility of each person to make sure that they give it their all and this is what makes them respect each other.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

It's not just a group you song with, the people in this group become you family for six months of the year and this shapes the person you become. You find outbreak about yourself because you are pushed to do things you normally wouldn't.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Because music is a way of expressing not only your feelings but also your 'political and social views'.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Not everyone is capable of reading sheet music but this type of skill is easily learnt when you are working with others who possess this skill. It is however beneficial to the group two have members who have musical qualifications because they can help the others.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

It is seen as a form of bonding and many are intimidated by the level of musical talent that is produced by some dormitories.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, mede-studente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Yes. I think everyone sees his as a platform of expression and that is what makes everyone understand how much work goes into it.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

To showcase musical talent

Participant F (“Ralf”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dit word jaarliks gedoen en die koshuise is nogal ernstig daaroor.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Ek tree op as [‘n] verwerker/komponis/afrigter.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Ek het van my eerstejaar af deelgeneem aan *Sêr*. Mense ken my en kontak my gereeld as gevolg hiervan. Ek sou sê dat dit bygedra het tot my identiteit as musikant.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

In die eie komposisies het ek al baie politieke en etiese vra gevra en ook baie kommentaar op dinge gelewer.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Die *Sêr* lede is baie afhanklik van hulle ore. Meeste van die studente kan nie van die blad af sing nie. Gewoonlik is bladmusiek oortollig. Dit leer hulle baie goed luister en vorder musikale geheue.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Dit is samebindende aksie. Met ander woorde mense groei saam en leer dinge. Ek dink almal wat op die kampus swot was in 'n *Sêr* of het al *Sêr* gekyk en geniet!

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Natuurlik! Dit is die hoogtepunt van die kultuurkalender.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Bevorder sang.

Participant G (“Inge”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Sêr het ontstaan as 'n groep manne wat altyd vir die dames in klein groepies voor hulle koshuise begin sing het - 'n [Serenade] is gehou onder hulle koshuiskamervensters. Later het hierdie serenades 'n kompeterende aard aangeneem en dis hoe *Sêr* tot stand gekom. Later toe die kampus se *Sêr* 'n kompetisie tussen mans en dames op kampus geword het en erken is as een van die kuns- en kultuur gebeure op kampus wat [nie] misgeloop moet word nie, het die ATKV o.a. hierdie verskynsel op ander kampusse raakgesien en 'n projek geloods wat as Nasionale *Sêr* bekend staan vandag. Namate die *Sêr* tradisie gegroei het op kampus en [op] nasionale vlak, is ek nie meer seker of dit so erg oor tradisie gaan nie, maar dalk eerder oor die titel wat 'n *Sêr* groep ontvang as "nasionale *Sêr* wenners". Mynsinsiens is 'n mooi tradisie besig om 'n te kompeterende aard aan te neem.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Dit is uiters belangrik. [*Sêr* spanne] moet net so baie saamwerk soos 'n rugbyspan. As jy nie saam oefen nie, of as jy 'n bal lelik aangee, is die "game" daarmee heen. Die groep en soliste moet mooi saamwerk om mekaar nie dood te sing nie en eerder 'n goeie geheel na vore te bring. Meisies en [m]ans spandeer so baie tyd saam en leer om te sing en 'n "show" op die planke te sit, dat hulle nie anders kan as om saam te leer en 'n bemagtigingsproses te ondergaan nie. Studente wat van klein dorpie af kom - wat nie eens in 'n koor gesing het nie - word deel van 'n klein "familie" waar hulle dikwels vir die eerste keer in hulle lewens bemagtig word, 'n platvorm kry waar hulle voor 'n auditorium van tot 1000 mense solo kan sing. Hierdie deelnemende aard gee aan lede 'n gevoel van "behoort" en bou [onder andere] selfvertroue.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Sêr kan van jou 'n "celeb" op kampus maak as jy 'n goeie solo of "show" aanmekaar sit. [Johan Smit] is bv nie op kampus bekend as [Johan Smit] nie, maar as "daai nommer vyf in [Manskoshuis A] se 'football' *Sêr* jaar – [daardie] ou wat so mooi sing".

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Hoewel temas nie verplig is nie, het die Puk se *Sêr* groepe altyd 'n tema van een of ander soort. Puk se temas staan ook duidelik uit by 'n nasionale kompetisie. Mense sal praat van "die cowboy jaar" of die "bosvrouens jaar". Daar word gewoonlik een of ander storie subtiel met die temas uitgebeeld en oorgedra.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Jy moet iemand hê wat die *Sêr* groepe help met note aanleer ensovoorts aangesien baie lede nie enigsins self kan note lees nie. Dit vorm ook baie keer deel van die bemagtigingsproses waar lede soms 'n groepe met goeie *Sêr* leiers basiese bladmusiek lees tegnieke aanleer. Daar is egter ook [sang groepe] wat nie altyd toegang tot goeie afrigters of voorafopleiding het nie. Hierdie groepe vaar gewoonlik nie so goed by die kompetisie nie en ervaar nie altyd *Sêr* so positief as ouens met die nodige tegniese hulpbronne nie.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Die [grootste] kuns- en kultuurgebeurtenis op kampus.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Daar is baie gemengde [gevoelens, ensovoorts.] Almal weet dis die grootste gebeurtenis op kampus - sommige personeel [lede] ondersteun dit, maar ander ervaar dit as baie negatief aangesien studente weens laataande se oefening moeg is in klas of gewoon klas mis. Die algehele [publiek] 'love' gewoonlik *Sêr* maar raak dikwels negatief omdat kaartjies nie so toeganklik vir hulle is soos byvoorbeeld vir studente op kampus nie. *Sêr* is jaarliks heeltemal uitverkoop oor al die aande.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om mense bymekaar te bring en saam die wonder van samesyn en musiek te vier. Om jongmense te bemagtig om hulle sangtalent te ontwikkel - waarvan hulle dikwels nie eens bewus is dat hulle dit gehad het nie. Dink byvoorbeeld aan Katlego Maboe, sy loopbaan as professionele kunstenaar het ontstaan weens *Sêr*.

Participant H (“Michelle”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Mens kan amper sê dis die hartklop van die kultuur, dis die hoof kultuur item wat plaasvind op die Puk. Mense verander altyd maar ‘*SÊR*’ bly altyd daar.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Help om kultuur te bevorder en dit bewus te maak. As jy nie deel was van 'n koshuis nie het jy altyd daarvan gehoor in die klasse.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Help jou om meer deel te wees van iets op die Puk en gee jou ook geleentheid om ander te ontmoet van ander universiteite.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Almal het 'n ander emosie van enige musiek. Help 'n groep om emosies uit te beeld vir groot groep mense. Stel ander bloot aan hoe mens 'n liedjie op ander maniere uit te beeld en te ervaar.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Ek het nog nooit musiek opleiding gehad nie, ek kon nie blad musiek lees of volg nie, ek het in een jaar se *Sêr* geleer hoe om blad musiek te volg en ander stem partye se parte ook te leer volg en sommige note geleer oor hoe lank om die noot te hou ensovoorts

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Res van die kampus is nie seker hoe om dit te sien nie, meeste sien dit as tyd mors en ander sien dit as 'n manier om weg te [breek] van die stres van studies.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Dosente nee, want hulle sien dit as tyd mors en jy as *Sêr* lid kan die tyd spandeur aan hul vak, die ander aanvaar dit vir meeste pla dit hulle min.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om kultuur te bevorder en 'n weg [breek] kans van studies. Iets waar jy in deel kan wees en jou emosies uit te beeld en net lekker mal te kan wees.

Participant I (“Jeff”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Sêr het baie jare gelede op die [Puk] kampus begin en die tradisie loop voort elke jaar. Elke jaar is die standaard net hoër en hoër, en elke jaar verras 'n paar koshuise die kampus met nuwe, vars en innoverende idees op die verhoog.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Elke *Sêr* groep bestaan uit 'n minimum van [tien] en maksimum van [twintig] lede. Elke individuele stem is egter van kardinale belang vir die "sameklank" en hoe goed die kombinasie van stemme moet "gel". Daar word ook individuele persone gebruik om solo's, duette en/of trio's te sing. So dus is elke lid van die groep sê deelname en samewerking van kardinale belang.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Mense wat *Sêr* het verseker 'n spesifieke status op kampus. Veral as jy deel is van 'n goeie *Sêr* koshuis, en veral as jy 'n goeie solis is. 95% van kampus is *Sêr* befok, so almal onthou altyd die *Sêr* lede. Hulle

kyk ook na die tyd weer die DVD en beleef weer hoe fantasties/fun/goed 'n *Sêr* groep was, en so word daardie beeld/identiteit van 'n *Sêr* lid gebou en behou.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Verseker. *Sêr* op die Puk kampus gaan gewoonlik gepaard met elke koshuis se unieke tema. Liedjies word dan gewoonlik gekies sodat dit hierdie tema ondersteun. Verder kan stadige en mooi liedjies wat baie fokus op musikaliteit en "vocals" die gehoor in trane laat. Verder skryf elke *Sêr* groep 'n eie-komposisie wat hul tema ten sterkste moet uitbeeld. Dus kan *Sêr* verseker gebruik word om 'n idee/opinie/emosie oor te dra.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Ja. *Sêr* is tegnies toeganklik. Meestal bestaan *Sêr* groepe uit leke wat nooit van tevore gesing het nie en selfs mense wat nooit gedink het dat hulle kan sing nie.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

As hierdie ongelooflike produksie waarna almal die heel jaar uitsien. Waarvoor die *Sêr*-lede soms hul sosiale lewe, akademie en ander goed so klein bietjie moet afskeep. Almal verstaan egter nie die fyner detail van *Sêr* nie, want 80% van die gehoor is leke. Maar solank dit vir die leek goed klink, die *Sêr* groep baie energie het en snaaks is – [hou] die gehoor [van] jou.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Ja. Byna die hele kampus is gek oor *Sêr*, want hulle gaan ondersteun dit. Studente deurnag buite in die vrek koue om kaartjies te koop. Ouers reis honderde kilometers om hul kinders te sien optree. En daar is natuurlik 'n nasionale kompetisie ook. Dus, almal vrek oor *Sêr* en dis meer as aanvaarbaar.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om jou koshuis te verteenwoordig, jou talente uit te leef, jouself te geniet, hartsvriende te maak, om meer te leer van musiek en natuurlik dissipline.

Participant J (“Janie”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dit is 'n jaarlikse instelling wat al reeds vroeg in die jaar afskop as mens kyk na hoe vroeg koshuise reeds begin oefen. Vakansies word selfs al ingespan om seker te maak die groep is voorberei. Sekere koshuisinwoners leef letterlik net vir *Sêr* elke jaar.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Dit is gesonde kompetisie (tot 'n mate), koshuislede kry te doen met musiek wat hulle nie noodwendig van te vore sou nie. En elke stem is natuurlik 'n aanwinst vir die groep.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Jy word onmiddellik deel van 'n sekere groep en assosieer jouself met hulle. Dit versterk jou identiteit as lid van jou koshuis, maar ook as 'n lid van 'n groep mense wat lief is vir sing/"perform"

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Ja: Indien 'n groep beskik oor goeie musikale vermoens is daar definitief 'n moontlikheid hiervoor want daar word verstaan wat bedoel word met "emosie op die verhoog", maar as 'n groep [nie] goed musikaal is nie, sal die uitdrukking van emosie verlore gaan.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

MP3's² wat vooraf geluister word help met die aanleer van musiek.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

² The term that most students use to describe a music recording compressed into the MP3 format, usually available on music download websites or on the local campus network.

Gemengde gevoel ensovoorts. Sekeres sien dit as 'n mors van tyd pmdat akademie belangriker is, ander sien dit as 'n manier om hulle koshuis se naam hoog te hou. Ander mag dit ook as 'n lekker 'entertaining' event vir die jaar sien.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, mede-studente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Oor die algemeen ja. My dosente en mede-studente het nog elke jaar verstaan indien ek sekere verpligtinge nie kon nakom as gevolg van *Sêr* nie.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om kameraderie tussen koshuisinwoners te bevorder, om gesonde kompetisie te handhaaf, om liefde vir musiek te bevorder, om kreatief te werk te gaan met 'n groep mense se idees,

Participant K (“Daniel”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Sêr is soos enige ander tradisie, 'n gebruik om mense byeen te bring, om samehorigheid te vestig en gebruike en gewoontes te deel. *Sêr* het reëls waarby gehou moet word en is tradisioneel, maar terselfdertyd ook skeppend - 'n [resep] wat 'n tradisie tot stand bring.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Sêr verg die samewerking van elke individu. Musikale balans is van uiterste belang - daarom, as een lid onttrek, beïnvloed dit die hele groep. Verder is elke toeskouer belangrik, want die oorlewing van *Sêr* hang af van die bywoning. *Sêr* benodig ook die ondersteuning van die universiteit en bestuur om suksesvol te wees.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Sêr is gelyk aan NWU-kampuslewe. Of jy fisies in die *Sêr* is, 'n toeskouer of 'n ondersteunende rol vertolk, *Sêr* is 'n gedeelde identiteit. *Sêr* dra by tot die kultuur- en sosiale identiteit van studente op 'n vlak wat geen ander een aktiwiteit regkry nie, juis omdat dit toeganklik en identifiseerbaar is.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Die repetoire, die eie komposisie, die voorgeskrewe liedjie en die tema is alles maniere om 'n idee oor te dra. [Byvoorbeeld], daar was al *Sêr* groepe wat boemelaars uitgebeeld het en met hulle tema uitbeelding en liedjiekeuse sodoende die gebrek aan empatie van die wyer publiek teenoor arm mense, aan die gehoor oorgedra het.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Sêr is beslis toeganklik. 'n Mens het geen formele musikale opleiding nodig nie (alhoewel dit 'n groot voordeel is). Note kan op gehoor aangeleer word, en musiekterme word by wyse van eenvoudige verduidelikings aangeleer. Die verwerkings is gewoonlik nie te ingewikkeld nie en die teorie agter die musiek is nie regtig van kardinale belang nie - dit gaan eerder oor die gevoel van musiek, wat nie aangeleer kan word nie. *Sêr* diskrimineer dus nie teen leke nie - dit versterk bloot hulle musikale talente.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Sêr is vir die res van die kampus 'n simbool van eenheid, samehorigheid en ambisie. Die kampus het hoe verwagtinge van *Sêr* groepe, want hulle voel hulle word deur die twintig lede op die verhoog verteenwoordig.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Ja, sonder twyfel. *Sêr* word nie net deur hierdie groepe aanvaar nie, maar aangemoedig en ondersteun. Net die feit dat elke aand se vertoning vroeg uitverkoop word en dat mense in toue wag om kaartjies in die hande te kry, beteken dat dit baie gewild is. Daar is van verlede jaar af 'n ekstra gala-aand bygevoeg, waarvan die kaartjies ook opgeraap word. Die gehoor bestaan uit 'n diverse groep mense - oud en jonk, musikaal en nie-musikaal, studente en personeellede.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Sêr het ten doel om Afrikaanssprekendes van verskillende agtergronde byeen te bring om sang, musiek en taal te vier.

Participant L (“Alex”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dis 'n koshuis mededinging wat dit eintlik so populêr maak. Daar is baie sangtalent op kampus en 'n kompetisie soos *Sêr* is iets wat, alhoewel dit [onsettend] harde werk is, die talent kan 'afshow'³. Mense geniet dit om *Sêr* te kyk/[luister] want dit is mooi, en die [jare] se werk word wel beloon.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Jy moet bereid wees om 100% van jou vrye tyd op te offer. Daar is seker uitsonderings, maar meeste mense weet dis 'n 'commitment' wat jy [baie] goed moet nakom, anders sal jy as die suurkol beskou word as jy nie jou deel bring nie. Almal moet maar ewe hard werk en as jy dit graag genoeg wil he sal jy jou alles gee.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Dit maak jou nou nie 'n 'superstar' nie, maar meeste mense wat saam jou klasdraf ensovoorts sal jou herken as jy deelgeneem het en aanvaar dat jy bereid is om baie vir jou koshuis op te offer, en dat jy 'apparently' mal goed sing.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Die repertoire's is baie random, en kan van swaar musiek tot 'jolly tunes' strek, so al hoe die musikaliteit saam met die 'show' gedoen kan word is as jy jouself 100% inleef en die emosie/idee/opinie ten volle te gebruik. Mens kan net soveel doen met 'n stem, die res gaan oor jou lyftaal, jou gesig, en jou passie. Plus dis 'n 'hobby', so jy kan na klas jou hart uit kom sing en dans, so dit is [sort van 'n] stresverligter.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Dit sal baie makliker wees as jy 'n musiekagtergrond het, soos meeste meisies in ons *Sêr*, maar, dis nie

³ Slang term for the English words 'off show'.

eintlik nodig nie, as jy jou note kan aanleer, ([en onthou]), en op pitch kan bly, dan kan jy dit [regkry].

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Mense (oor die algemeen) besef nie hoeveel tegniek agter 'n *Sêr* repetoire le nie. Hulle sien/hoor die eindproduk en dink dis net so aangeleer en bietjie geoefen. Nee, 'that's not how it is at all'!

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

[Ja], dis immers net 'n ekstrakurrikulere aktiwiteit.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Koshuis 'rivalry' 'n hupstoot te gee en om elke meisie/ou met musiektalent die kans te gee om dit met mense op kampus te deel.

Participant M ("Jessie")

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Nog voordat ek geweet het wat ek wil studeer op Puk het ek verseker geweet ek wil *Sêr* sing. Dit is een van die bekendste koshuiskompetisies op kampus en word jaarliks groter en groter. Vir iemand wat *Sêr* sing, ondervind ek onttrekkingsimptome binne die eerste week nadat *Sêr* tyd verby is.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Jy ontmoet soveel ander meisies in jou koshuis, junior en senior, veral vir my wat in 'n dorpskoshuis is. Nuwe vriendskappe word gevorm en nuwe vriendinne gemaak. Ook as een meisie nie [haar] kant bring nie, ly die hele *Sêr* groep daaronder.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Hierdie is my [derde] jaar wat ek *Sêr* sing vir my koshuis en ons het hierdie jaar 'n tradisie begin dat jy jou naam en "rang"(hoeveelheid jaar in *Sêr*) op jou baadjie kry sodat almal kan sien hoe lank jy al *Sêr* sing want dit is 'n spog geleentheid om van deel te wees.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Tema uitbeelding. Liedjie uitbeelding. Jy dra 'n boodskap oor aan die gehoor deur jou liedje keuse, volgorde en emosie wat jy na vore wil bring daardeur. Verder die kostuums: Jy kies 'n lekker tema wat lekker liedjies het wat daarby pas en waarvan die gehoor sal hou.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Ek het nie enige grade in musiek nie, maar oor die jare het my gehoor verskriklik baie ontwikkel. Ek leer vinniger aan en onthou note makliker. Dit is 'n proses, maar as jy 'n oor vir musiek het, dan is dit makliker. Jy [moet] net konsentreer as jy nuwe musiek aanleer.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Sing en show en almal wil dit kyk en selfs in hierdie yskoue winter buite slaap net om kaartjies te kry.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Sêr word aanvaar deur almal, behalwe dosente. 'n Briefie van die prim omdat jy kleedrep⁴ het werk nie meer om jou uit klas uit te kry nie. Die res van die kampus en publiek is mal oor *Sêr* tyd, dus het ons 'n ekstra aand by wat almal nog 'n geleentheid gee om die *Sêr* op die verhoog te kan sien.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Studeer die geleentheid gee om hul talente te gebruik. Jou hoofprioriteit op universiteit is om te studeer. *Sêr* is soos 'n wegbreek kans om te ontsnap van die werklikheid en net te kan sing en jouself geniet. *Sêr* leer jou baie dinge, van ander mense, politiek en van jouself! *Sêr* is amazing en die harde werk is altyd die moeite werd!

Participant N (“Jan”)

⁴ *Sêr* members' term for the dress rehearsal (*kleedrepetisie* in Afrikaans).

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dit is by vêre die grootste kunste ['event'] op die Puk vir my en ek geniet dit ongelooflik baie om 'n deelnemer te wees ([ek] moet sê, Puk *Sêr* is in 'n ander klas teenoor ander universiteite).

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Ek is een van die lede in die wen *Sêr*. Ons gaan Puk se naam gaan groot maak in [Bloemfontein]!

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

As dit nie was vir *Sêr* nie was my sosiale lewe op die Puk maar vaal.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

'n Mens (*Sêr* lid) lewe jouself uit op die stage. Al jou gevoelens en idees wys as jy op [daardie] ['stage'] klim.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Ek het nooit formele musiek opleiding gehad nie. As 'n persoon die [talent] het en besluit om dit te gebruik, kan jy doen wat okal jy wil. En al het jy dalk nie die [talent] nie, maar jy word die kans gegun om te probeer, moet jy probeer! Jy weet nooit wat God se plan is nie.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Sover ek dit kry is dit vir ander studente 'n honderd keer 'n groter 'issue' en almal wil dit sien en deel wees. Dit maak my baie trots om 'n lid te wees!

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Meeste mense ja, alhoewel ek beleef het van my een dosent dat sy nie dit enigsins aanvaar nie en dit afgesê het as 'n verskoning om spoedig 'n lesing af te handel sodat ek kon gaan reg maak vir my optrede. Dit tel blykbaar nie as 'n geldige verskoning soos wat Puk sporte doen nie en dit sit my bietjie af.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om ons talente te gebruik in iets wat vir ons lekker is en ook op dieselfde tyd ons talente verskerp en ons lewens kennis sowel as kanse gee.

Participant O (“Mandie”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dis is samekoms van mense wat lief is vir musiek en kultuur. Almal sien altyd uit [na *Sêr*].

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Dit is vreeslik belangrik om 'n *Sêr* groep as [een] te sien en nie individue nie. Dit is belangrik om na mekaar te luister en verstaan waaroor die musiek gaan om dit ten beste oor te dra.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Sêr groepe wat goed presteer beteken baie tot die *Sêr* groep se koshuis waarin hulle hoort. Dit is 'n boost vir die koshuis self en die beeld daarvan. *Sêr* groepe wat bekend is vir hul afronding of musikaliteit, volhou jaarliks daarby.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Drama, dinamiek en gees. Elke *Sêr* lid moet hulleself inleef in die musiek om die ekspressie daarvan goed oor te dra.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Definitief. Sang is 'n talent en of jy opleiding gehad het of nie, as jy die talent daarvoor het sal jy dit kan doen. Partykeer is dit nie altyd musikaliteit wat belangrik is nie maar ook die groep se selfvertroue. Stadig maar seker slyp *Sêr* lede mekaar.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

As 'n groep sterk selfvertroue dames en mans. Dis kompetierend en baie bekend. Party sien *Sêr* as die "show" terwyl ander die musikaliteit van die groep waardeer. 'n Balans van beide is nodig!

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Ja, dis goeie geesvang en mens is trots op jou koshuis.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Samekoms van mense wat lief is vir musiek en pret hê. Ja, dit moet 'n bietjie kompetierend wees en entertaining, maar hoofsaaklik baie PRET!

Participant P ("Charne")

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dit is 'n jaarlikse instelling waar beide mans- en dameskoshuise maande lank oefen om die beste *Sêr* groep op kampus te wees. Toeskouers wag in ellelange rye om kaartjies te kry, sodat hulle ook deel kan wees van die opwinding,

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Daar is 'n maksimum van twintig lede wat aan die *Sêr* mag deelneem. Dus is elke stem wat hulle kan kry van noodsaaklike belang.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Dit laat my "uitstaan" bo ander studente, omdat ek deel is van 'n klein groepie studente wat bevoorreg is om daaraan deel te kan neem. Ander studente sien definitief *Sêr* lede in 'n ander lig, dat ons hardwerkend is en dat ons baie tyd opoffer vir ons koshuise.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Elke *Sêr* groep kies 'n tema wat vir hulle waarde dra en kies liedjies rondom die tema waarmee hulle kan uitbeeld, dit wat hulle as 'n goeie boodskap beskou. Daar is 'n storielyn in elke *Sêr* en wek definitief emosie by die gehoor hetsy woede, humor, ongemaklikheid [ensovoorts].

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Dit is belangrik dat jy min of meer musiek kan verstaan, terme soos diafragma, denamiëk, stut, oktawe, halwe en heel note, ensovoorts, omdat daar nie regtig tyd is om daardie tegniese vaardighede aan te leer nie, maar slegs te verbeter. Die tyd is te druk en dus moet alle moontlike ure aan die aanleer van die musiek spandeer word.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

...

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Nie deur dosente nie - omdat dit veral in *Sêr* week, druk gaan en jy sommige klasse nie kan bywoon nie. Die skoonmaakpersoneel in die koshuis waarin ek is, was baie entoesiasties oor die *Sêr*, hulle het gereeld kom kyk hoe ons oefen en ook vir ons sterkte toegewens. Medestudente aanvaar definitief *Sêr*, hulle is baie ondersteuned en sien ook uit na die groot kompetisie. Die algehele publiek weet te min van *Sêr* af.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Sêr is maar net soos enige ander sportsoort. Die doel is maar om te kyk watter span die beste is.

Participant Q (“Jana”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dit bring die meederheid van die kampus saam en dit [‘celebrate’] musiek op n ander vlak. Dit [bied] die [geleentheid] van groei en goeie kompetisie.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Almal wat deelneem speel 'n rol om 'n goeie produksie op die planke te sit. Selfs die ondersteuners is belangrik en maak *Sêr* so 'n ongelooflike geleentheid.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Dit het vir my baie beteken as mens, ensovoorts. Jy groei in jouself en bou verhoudings met mense wat jy veraltyd sal he. Dit bied geleentheid vir kreatiewe groei.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Dit begin by die temas waar jy al reeds iets oordra en ook hoe jy dit uitbeeld. Elke jaar kom daar so n verskeidenheid van verwerkings wat opgevoer word en almal het hul eie idee van hoe iets moet wees. Dit gee geleentheid vir n groot verskeidenheid van musiek.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Ek is nie die musikaalste persoon nie en die onderateuning wat die ander lede gebied het het my laat groei. Jou afrigters lei jou ook meer op en gee vir jou daardie ekstra kennis wat jy op kan bou

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Dit sal afhang wie die persoon is. Party vind dit ongelooflik en sal elke jaar gaan kyk. Ander dink dis belanglik en vind dit tydmors. Maar ek glo die groter deel van kampus geniet dit en hou van dit om te sien wat elke jaar gebeur

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, mede-studente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Res van die kampus ja. Hulle kom kyk en ondersteun ons. Dosente nie so baie nie omdat van hul glo dit neem akademiese tyd weg en gee nie vergunning vir kleedrepetitiesies ens nie. Mede studente en publiek is elke jaar in oproer en staan in talle rye vir kaartjies, wat sê [dat] die ondersteuning is daar.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Musiek. Om 'n groep mense te druk om die beste verwerkings en talent te wys wat hulle het. Laat 'n groep [kunstenaars] saam werk om n briljante uitproduk te lewer.

Participant R (“Jeanne”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dit is 'n integrale deel van die universiteit se kultuurprogram en 'n geleentheid waar koshuise maande lank hard oefen om 'n plek in die top [vyf] te kry.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Sêr is 'n groep van 20 mense met verskillende grade van talent, en elkeen moet sy eie persepsies oor homself opsy skuif en begin funksioneer as 'n eenheid. Jy vergeet van jouself en dink aan die groep en wat jy as groep wil bereik.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Ek staan bekend as 'n *Sêr* afrigter, omdat ek dit al vir agt jaar doen. Dit is 'n aspek wat meeste mense eerste aan my koppel.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Wanneer 'n mens kyk na die temas wat elke jaar gekies word is dit duidelik dat die groepe elkeen 'n standpunt probeer inneem met betrekking tot wat hulle wil sê. Dink aan hoe [Manskoshuis C] humor gebruik in hul musiek, of [Manskoshuis A] en [Manskoshuis D] gewoonlik baie patrioties voorkom in hul benaderings. [Manskoshuis E] het hierdie jaar 'n meer sjarmante tema wat oorgaan tot iets meer donker en sinister. Die musiekkeuse en vertolking daarvan dra baie by tot die idee/opinie/emosie wat oorgedra word.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Ek maak glad nie gebruik van bladmusiek nie. Ek werk suiwer op my gehoor en 90% van die mans met wie ek werk het nog nooit voorheen gesing nie. Met meisies is die persentasie laer. Maar daar is

baie lede wat net 'n natuurlike aanvoeling het vir musiek.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Dit is elke jaar 'n 'larney' geleentheid en die studente sien in die algemeen uit daarna. Dosente beskou dit egter as 'n mors van akademiese tyd. Ek sien dit as 'n bydrae tot 'n gebalanseerde studentelewe.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, mede-studente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Soos genoem in die vorige vraag; nie noodwendig nie. Daar is baie verskillende persepsies oor *Sêr*. Die publiek hou daarvan vir die vermaaklikheidsaspek. Dosente wat nie self in 'n koshuis was of aan *Sêr* deelgeneem het nie is gewoonlik negatief teenoor enige kultuuraktiwiteite. Maar daar is ook dosente wat positief daarteenoor is. Dit is maar 'n subjektiewe ding.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om by te dra tot 'n gebalanseerde studentelewe, om patriotisme en koshuistrots te kweek, en om spanwerk en 'fellowship' onder mede-koshuislede te kweek.

Participant S (“Julius”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Sêr is 'n baie groot deel van studente se lewe op die Puk. Al was/is jy nie deel van *Sêr* nie, weet elke student op die Puk wat *Sêr* is.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Sommige koshuise op kampus (in die verlede meer dag huise) het baie gesukkel om lede te kry om die maksimum van twintig persone te vul. Ek dink dit is aldus vir elke koshuislid wat kan sing of enigsins dink hy/sy kan noot hou om te probeer om deel te wees. Al kom jy nie in nie, om dan *Sêr* te ondersteun.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Ek self het nooit *Sêr* gesing nie, slegs afgerig. Maar ek dink vir koshuise wat goed doen in *Sêr* is dit 'n status simbool om deel van 'n *Sêr* groep te wees.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Veral vir studente wat nie normaalweg iets met musiek te doen het nie, is dit 'n manier om hulle kreatiwiteit uit te druk d.m.v. dans en sang en groeps aktiwiteite.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Ek het baie *Sêr* lede gehad wat nooit nog van [tevore] iets met musiek toedoen gehad het nie. Intendeel dink ek 95% van my mans groep het nooit musiek gehad of koor gesing nie. Ek het baie tegnieke gebruik om die musiek vir hulle aan te leer. Onder andere solfa, voorsing, ritmes klap en tel ensovoorts.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

In my opinie sien alle koshuis lede (of hulle deel is van die *Sêr* groep of nie) as 'n baie belangrike gebeurtenis in die jaar.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Ja. Meeste dosente woon *Sêr* self by en ondersteun die koshuise.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om deur middel van musiek 'n eenheid te skep. Om mense wat normaalweg geen betrokkenheid in musiek sal hê nie, deel te maak van iets wat hulle voel hulle kan uiting gee tot emosie deur [middel] van musiek en as 'n groep iets vir hulle koshuis beteken.

Participant T (“Meredith”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Wow[!] Die sosiaal daarvan, musikale kennis en genot wat verskaf word. Meng dit en jy kry 'n warm gevoel vol herinneringe as jy daaraan dink.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Geen *Sêr* groep is dieselfde nie. Tog vind elke individu sy plekkie daarin. Die musikale of sosiale bydrae wat jy lewer dra by tot die eindproduk.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Almal ken jou as 'die girl van *Sêr* wat mooi sing/die solis'. Jy's ook deel van 'n groep. Jy 'belong'.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Musiek skep idees, gevoelens en emosie. Dit bring mense ook nader aan mekaar.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Dis baie op gehoor gefokus. Dit maak dit makliker om te sing. En [natuurlik] die ure en ure en nogmaals ure wat daaraan spandeer word.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

T - Dis ['huge']. En *Sêr* kaartjies is [skaars!]

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Ja, dis 'n kultuur en tradisie. Dis fun. Almal weet wat *Sêr* is en wil deel wees daarvan. Kaartjies is skaars. Dosente neem dit in ag met toetse ensovoorts.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Pret, kameraadskap, 'n naam en titel van '*Sêr* wenners'.

Participant U ("Francois")

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dit is soos enige ander sport of kulturele byeenkoms en word jaarliks verbeter deur standarde en kompetisie onder verskillende koshuise en universiteite. O, en dis 'n "awesome" tradisie!

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Sêr is deelnemend in die sin dat elke lid sy deel moet doen in terme van oefeninge en ook groepsdinamika. Die *Sêr* lede moet leer om na mekaar te luister sodat daar harmonie in die groep kan wees en ook in die klank van hulle musiek.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Ek sou nie noodwendig sê dis broodnodig om *Sêr* te sing nie, maar ek dink net dis 'n verskriklike lekker gevoel om deel te he daaraan. Dis 'n groot "cliche" maar, jy sal dit net verstaan as jy wel *Sêr* gesing het verduidelik dit vir my baie goed.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Eerstens deur 'n spesifieke tema kan iets aktueels benadruk word. Daar kan sekere boodskappe gestuur word deur sekere liedjies te sing en sekere goed in die "toneel" dele van 'n *Sêr* optrede kan 'n seker opinie benadruk.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Ek het geen musikale opleiding nie en ek het heel goed ingeskakel. Om die waarheid te sê, die groot meerderheid van die *Sêr* groep het nie musikale opleiding nie, hulle kan net 'n noot goed hou en dan word dit van daar aangeleer.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Sêr word onder sekere studente gesien as 'n mors van tyd, maar sommige studente soos ek is absoluut versot op *Sêr*. Dit gee jou die kans om jou stem te gebruik op 'n kreatiewe "verhoog" en vir iemand

soos ek wat 'n Christen is wat glo om jou talente te gebruik is 'n manier om te loof, is dit net 'n plus punt, want nou kan jy dit doen sonder om dit professioneel te hoef te doen.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Ek dink daar is studente en dosente wat teen *Sêr* is omdat dit tyd gebruik wat eintlik daar is vir akademiese doeleindes, maar die groter meerderheid wat weet wat *Sêr* is, geniet dit al neem hulle nie self deel nie.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Vir my was *Sêr* se doel omdat dit lekker was. Ek dink die idee van *Sêr* is om kultuur op die kampus te stimuleer. Om studentebetrokkenheid te verseker. Dit kan ook gesien word onder sekere omstandighede as 'n manier om Afrikaanse kultuur te laat voortleef.

Participant V (“Santie”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Sêr is baie gewild onder die studente. Studente kan elke jaar uitsien om daarvan deel te wees.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Almal kan deel wees van *Sêr*, of hulle nou self sing, afrig, verwerk of net gaan kyk en luister.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Elkeen bring sy eie vaardighede na *Sêr*, [byvoorbeeld] die speel van kitaar/trom of solosang, verwerking, ensovoorts. Die rol wat elk speel vorm deel van die groter geheel en vorm dus sy identiteit in die *Sêr* groep.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Dit spreek kwessies (huidige, historiese of toekomstige) aan. Met die keuse van temas of liedjies kan sekere idees oorgedra en uitgebeeld word.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Dit hang af of die persoon darem 'n musikale oor het. Sekeres wat nog nooit aan musiek op hierdie vlak blootgestel is nie, sal die musiek kan baasraak, al neem dit bietjie langer as dié met musikale agtergrond.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Dit gaan baie oor die algemene indruk wat gespreek word, met ander woorde, die gehoor wil vermaak word. 'n *Sêr* groep wat baie musikaal sing, maar nie vermaaklik is nie, kry minder "*Sêr*-cred" as dié wat dieselfde musikaliteit toon én vermaak.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Dit is definitief meer gewild onder die studente, maar sommige dosente ondersteun wel vir *Sêr* terwyl ander nie so ten gunste daarvan is nie, byvoorbeeld as studente klas moet misloop vir [kleedrepetisies].

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Dit is 'n goeie manier om mee te ding met ander koshuise en ook die musikale kultuur van ons kampus te laat voortleef.

Participant W ("Marie")

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Ek is 'n eerstejaar op die Puk en almal sê *Sêr* is die grootste kultuuraktiwiteit op kampus. Sover kan ek uit eerstehandse ervaring daarvan getuig. Dit is verseker die koshuisaktiwiteit waaraan die meeste voorbereidingstyd bestee word, wat die beste ondersteun word en waarvan die kaartjies die vinnigste uitverkoop is.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Omdat *Sêr* die grootste koshuisaktiwiteit op kampus is verseker dit interaksie tussen koshuise wat beteken dit is ook 'n geleentheid om mense in ander koshuise te leer ken.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Sêr dra by tot my identiteit in die koshuis en my identiteit in die koshuis dra by tot my identiteit as student op die NWU-Puk. Die koshuise word soms beskryf as die hart van die kampus en as 'n mens nie betrokke is by die koshuis nie mis jy uit op al die geleenthede wat die Puk bied, insluitende *Sêr*.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Enigiets kan 'n idee, opinie of emosie oordra, maar ek voel nie *Sêr* kan die wêreld verander nie. Dit is eerder 'n vermaaklikheidsaktiwiteit as 'n aktiwiteit wat poog om ekspressie as sodanig te bewerkstellig.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Sêr is verseker oop vir enigiemand wat kan sing en wat lus het om te leer. Uit ervaring van my eie koshuis is meeste mense wat aan *Sêr* deelneem "musikaal ongeletterd." Die musiek word ook op gehoor aangeleer sonder enige vorm van bladmusiek. Dit is wel die ideaal dat die afrigter tog iets van musiek weet en note kan lees.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Die res van die kampus ondersteun *Sêr* volkome. Sonder die ondersteuning van die ander studente sou *Sêr* nie die grootste kultuuraktiwiteit op kampus kon wees nie. Hulle sien *Sêr* as 'n vermaaklikheidsaktiwiteit.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Meeste mense met wie ek reeds te doen gehad het aanvaar *Sêr* en het baie simpatie vir die hoeveelheid tyd wat *Sêr* opneem. Dosente is bereid om vergunnings te maak indien klasse nie bygewoon kan word as gevolg van byvoorbeeld 'n kleedrepetisie of optrede. Die koor verskoon *Sêr* lede van kooroefeninge in *Sêr* week.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Die doel van *Sêr* is volgens my om 'n liefde vir kultuur te kweek, om te wys kultuur kan net soveel ondersteuning soos sport geniet, om koshuise tot 'n eenheid te bind, om interaksie tussen verskillende koshuise aan te moedig, om mense wat nie musikale kennis het nie die geleentheid te gee om ook musiek te maak en om die studente te vermaak.

Participant X (“Nickey”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

In die sin dat ons dit elke jaar herhaal en dat ons daarom voort bou op 'n reeds bestaande aanvaarbare aksie.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Span werk. Sluit n groep mense in!

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Elke mens wil deel voel van iets groters as hom self en *Sêr* bied die geleentheid,

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Tema, keuses van musiek en uitbeelding.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Met behulp van afrigting en ondersteuning.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Ongeloooflike aksie met baie pret en plesier!

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, mede-studente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Ja! Dis opbouend!

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om ons kultuur uit te leer en te beeld deur [middel] van musiek.

Participant Y (“Sam”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Mans het vir dames by hulle koshuisvensters in die aande kom ['serenade'] tot waar *Sêr* vandag 'n kompetisie is waar al die koshuise van die Puk teen mekaar deelneem. Dit verbeter elke jaar en is een van die grootste gebeurtenisse op die kampus.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Sêr bestaan uit 20 lede so elke stem tel. Die minimum lede van 'n groep is tien. Elke persoon speel 'n kritiese rol omdat daar verskillende stemgroepe is en elkeen sy deel moet bring sodat die groep goed kan klink.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Musiek is 'n groot passie vir my en daarom ook deel van my en deur *Sêr* kan ek dit uitleef. Die gevoel om die beste *Sêr* groep op die Puk te wees is onbeskryflik en daarom is dit die moeite werd om hard te werk daarvoor.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Deur emosie oor te dra met jou stem, die musiek en jou liggaam.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

[Dit] is moontlik, maar sal nie van so 'n hoë gehalte kan wees nie. Jy moet ondervinding met musiek hê, anders gaan jy die hele groep beïnvloed.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Meeste mense weet nie hoe baie daar in dit ingaan nie, maar tog sien hulle uit om elke jaar te sien waarmee mense voor en dag kom. Daar is 'n [opwindende] gevoel onder die kampus oor *Sêr*.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Ja, dit vorm deel van die Puk en die meerderheid mense geniet *Sêr* en sien uit daarna.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Dit skep geleentheid vir mense wat lief is vir musiek om te doen waavor hulle lief is en hulle kan 'n boodskap uitstuur aan die gehoor en mense deur hulle musiek bereik. *Sêr* is 'n goed voel aktiwiteit omdat dit vir elke party vreugde verskaf wat deelneem daaraan.

Participant Z (“Shane”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dit is 'n gesonde kompetisie tussen koshuise op die NWU Puk en deurdat dit soveel belangstelling en verwondering lok word meer en meer mense jaarliks betrokke. Vanuit die kompetisie se gewildheid is daar jaarliks 'n herhaling van die kompetisie en sorg dit vir 'n groot oproering onder studente. Vir my as *Sêr* lid is dit 'n voorreg, nes dit 'n voorreg is om aan enige ander gelofwaardige tradisie deel te neem.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Spesifiek my deelname, is belangrik deurdat dit sorg vir blootstelling. Ek sing nou vir 'n derde keer in ons koshuis se *Sêr*, en deur die vervulling wat ek beleef vanaf my eerste jaar, is dit dan moontlik om ander te inspireer, motiveer en sommer net aan te steek. Sonder my sou daar egter slegs negentien meisies wees en daarom is my deelname belangrik. Ek is hoegenaamd nie onvervangbaar nie, nee, maar vanuit 'n oudisie rondte van 70 meisies is ek gekies in die top twintig, wat beteken dat indien ek nie sou deelneem nie, daar slegs negentien van die heel bestes op die verhoog sal gaan om ons koshuis te verteenwoordig. Op hierdie manier benadeel ek nie net my koshuis nie maar ook my eie gesonde soeke na sukses en bevrediging.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Dit heers glad nie my identiteit as mens tussen ander studente nie. Dit plaas my wel in die kollig, maar meestal vir ander koshuise se *Sêr* lede. Nie noodwendig die alledaagse Puk studente nie. Ek glo dat daar teen die tyd, 'n redelike bewustheid onder mede klasgangers en koshuislede ontstaan het van die feit dat ek wel *Sêr* sing, aar vir die ander ses maande van die jaar waarin *Sêr* stil is, is ek bloot net myself en word ek nie gesien as "*Sêr* lid" nie.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Daar is verskeie faktore om my antwoord op bogenoemde vraag te staaf. Die tema, klare drag, liedjieskeuses en totale optrede, om maar net 'n paar te noem, speel alles 'n rol aan sie uiting van 'n spesifieke emosie. Hetsy dit aggressie, lojaliteit, liefde, eenigheid, hartseer, gelukkigheid of formaliteit is. Die manier waarop 'n *Sêr* optree bepaal grootendeels die algemene gevoel onder beoordeelaars en toeskouers. Na afloop van 'n vertoning is dit een van die primere doelwitte van enige *Sêr* groep om 'n boodskap agter te los. As daar nie 'n boodskap in is nie, gaan dit gou weer vergete, waar enige *Sêr* groep eerder sou wou he dat dit iets is waaroor daar vir weke, maande selfs jare gegons sal word. En aan enige kragtige boodskap word daar altyd emosie gekoppel.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Baie mense is musikaal gebore terwyl ander daarvoor opgelei moet word. Ek het klavier as vak geneem op laerskool, asook kitaar lesse buitemuurs voltooi. Ek neem deel aan sang kompetisies vandat ek 7 is, en vaar nog altyd redelik goed. Ek kan egter nogsteeds nie note lees nie. Ek weet ook dat baie meisies saam met wie ek al *Sêr* gesing het geensins enige musikale agtergrond het nie. Ek het gelukkig 'n musikale oor en is baie noot vas. Dit is belangrik om 'n musikale oor te hê, daarsonder is jou kans om voor 'n gehoor te kan sing feitlik nul. Daar is ook 'n persepsie wat meen dat dit minder belangrik is binne 'n groep. Dit is egter glad nie waar nie. Daarom staan dit bekend as enkel *Sêr*, wat beteken dat elke individuele meisie in die groep daartoe instaat moet wees om solo te kan sing, wat ook beteken dat geen meisie 100% afhanklik kan wees van iemand in haar stemparty om seker te maak van note wat gesing moet word nie. Indien iemand dan nie musikale opleiding gehad het nie, sou dit veilig wees om te sê dat hy/sy wel 'n oor/aanvoeling vir musiek moet he.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Ek dink meeste mense op kampus het die persepsie dat mense wat *Sêr* sing slegs daarop fokus. Maar terselfde tyd is *Sêr* die gewildste gebeurtenis op die kampus, jaarliks. Baie mense koop kaartjies en baie mense wat self nie sing of eers belangstel daarin nie, ondersteun *Sêr*.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Ek sou sê dat min of meer 90% van alle bo genoemde mense vir dit is, terwyl die ander 10%, waaronder sommige personeel en dosente, teen dit is omdat hulle nie alles wat daarmee gepaard gaan verstaan en waardeer nie. Ook omdat daar dikwels met klas en akademie tyd ingemeng word. Die persone wat deelneem aan die *Sêr* en self sing leer egetr hoe om hul tyd te bestuur, en moet ek eerlik sê dat daar deur die verloop van jare al hoe meer aandag gegee is aan die [akkommodasie] van dosente en hul reëls. Tot op 'n punt waar dit werklik bloot onmoontlik is om aan hul vereistes te voldoen.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om twintig mense die geleentheid te gun om hul talente te gebruik en 'n 1500 plus mense die geleentheid te bied om dit te geniet.

Participant AA (“Jan-Hendrik”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

As eerstejaar op die Puk was ek baie verbaas oor die waarde wat aan *Sêr* geheg word op die Puk. Dit is 'n jaarlikse tradisie en is een van die aksies wat die meeste voorbereidingstyd in beslag neem (byna 6 maande). Kaartjies vir *Sêr* is ook baie moeilik bekombaar aangesien dit so 'n gewilde kultuur aktiwiteit is.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

'n Persoon se deelname AAN *Sêr* is belangrik deurdat dit 'n hoe toewydingsvlak vereis. Gedurende *Sêr* raak jy deel van nie net 'n *Sêr*groep nie, maar jy word betrek by die breër *Sêr* gemeenskap van die Puk en ook alle universiteite.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Ek heg groot waarde aan my koshuis se *Sêr* groep en ook die Puk se *Sêr* tradisies. Dit ontwikkel nie net jou sangvermoeë nie, maar leer jou ook selfdissipline en om 'n verteenwoordiger van jou koshuis te wees. Omdat die tradisie van *Sêr* so groot op die Puk is, beskou ek dit as 'n groot eer om deel te wees daarvan en nie net slegs 'n toeskouer nie. Ek sit 'n tradisie voort. My toewyding en harde werk stel die mikpunte vir toekomstige jare.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Sêr groepe gebruik dikwels verwerkings wat bestaan uit meer as een liedjie. Ek sien dit as 'n kuns om vyf liedjies met uiteenlopende temas saam te voeg en een gevoel oor te dra. Gesigsuitdrukkinge speel 'n groot rol en wanneer jy op die verhoog klim is jy lankal nie meer jouself nie. Jy "word" die gevoel, emosie of persoon wat jy probeer uitbeeld.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Ek het vorige musiekopleiding, maar was nog nooit lief vir die tegniese aspekte daarvan nie. Tot my verligting was *Sêr* 'n manier om musiek te maak deur gevoel eerder as tegniek. Daar is natuurlik aspekte wat nie ignoreer kan word nie soos byvoorbeeld dinamiek, artikulasie en om te stut terwyl jy sing. Die enigste doel van die tegniese aspekte van *Sêr* is om jou toe te laat om jouself te 'verloor' in die musiek, maar om dit so te doen dat 'n beheerde klank gevorm word.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Sêr is baie gewild en is een van die grootste vorme van vermaak op die Puk. *Sêr* groepe fokus daarop om liedjies te gebruik wat populêr is by die publiek.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Ja, tot 'n mate. Die personeel en publiek wat enigsins te doen het met die Puk verstaan die waarde wat aan *Sêr* gehef word.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Dit is om 'n gevoel oor te dra, mooi klanke te skep wat beheersd is, die liefde van musiek en jou natuurlike talente uit te leef en natuurlik om almal op en naby die Puk bymekaar te bring om 'n hegte eenheid te vorm.

Participant BB (“Nico”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dit gebeur al vir 'n hele klomp jare en raak al hoe meer gewild onder die studente en koshuise.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

In elke koshuis word die twintig beste stemme gekies om deel te wees van 'n *Sêr* groep

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Dit ontwikkel jou talente en menseverhoudinge. Jou identiteit as sulks word nie beïnvloed nie.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

'n Koshuis se wil om te wen in die kompetisie word uitgedruk in die tipe liedere wat hulle kies, hoe die liedere gesing word en die drang om te wen.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Sêr kan gesien word as 'n groot leerskool vir studente wat niks van musiek af weet nie. Enige student word aanvaar op die basis van sy stem en talent.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

'n Groot sang kompetisie.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Aanvaar en verdra. In sekere opsigte is dit 'n groot aanwinst vir die kunste op kampus. Ander sien dit as 'n groot tydverdryf en tydmors.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

'n Goeie koshuis kompetisie. Ontwikkeling van sang en musiek talente onder studente. 'n Gesonde kunste gees onder studente te kweek.

Participant CC (“Sarah”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dit het jare terug al ontstaan, heelwat van vorm verander, maar vind steeds jaarliks meer as een keer (weereens in verskillende vorme) plaas te midde van groot belangstelling, opwinding en kompetendheid.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Wel, ek veronderstel sonder elkeen se deelname was daar niks, dus is deelname nie net belangrik nie, maar noodsaaklik.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Vir my persoonlik: Geensins. Vir ander mense vorm dit waarskynlik 'n integrale deel van hulle identiteit omdat hulle voel hulle behoort aan iets en werk saam met ander om 'n doel te bereik.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Sonder twyfel. Wanneer 'n *Sêr* show beplan word, word daar juis besluit wat is die boodskap wat ons wil oordra. Hierdie boodskap word selde eksplisiet gestel (hoewel die tema wel hiervan 'n aanduiding kan wees) maar word gou duidelik deur sekere aspekte van die groep - bv. Kostuums; koshuise wat kies om nie deel te neem nie; suggesties wat in die teks of lirieke versteek kan word. Voorbeelde hiervan is [Dameskoshuis A] wat die een jaar so onbetaamlik aangetrek was, en [Manskoshuis B] wat een jaar net 'n klomp 'praise and worship' liedjies gesing het en 'n lang stuk uit die Bybel voorgelees het.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Hoewel dit wragtig nie 'n maklike taak is nie!

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Vir mense in die koshuis dink ek (as iemand wat nooit in die koshuis was nie) gaan dit grootliks oor die kompetisie en oor hulle begeerte om die beste te wil wees.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Ja, ek reken so. *Sêr* mense se enigste klagte is waarskynlik dat hulle akademie daarmee inmeng (dus dat dosente onsimpatiek is en nie verstaan nie), maar dis sommer nonsens. Die primêre rede waarom jy op kampus is is immers om te studeer.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Hmmm, ek wil sê musikale bevrediging, maar dis nie net dit nie. Dit gaan net soveel oor die kompetisie en oor die samehorigheid.

Participant DD (“Anneke”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Ek doen nog net [drie] jaar *Sêr*, so al wat ek kan sê is dat *Sêr* een van die grootste geleenthede (of kompetisie) op die Puk is.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Baie belangrik! As 'n *Sêr* groep nie twintig deelnemers nodig het nie, kan hulle met minder deelneem, so die feit dat jy in die *Sêr* is beteken jy's daar vir 'n doel en word verseker benodig.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Omdat *Sêr* so big deal op kampus is en baie mense *Sêr* gaan kyk, word jy amper 'n "bekende" gesig van *Sêr*. Veral wanneer jou koshuis goed doen in *Sêr* of as jy baie solo's doen. Ek sal sê dis [regtig] 'n groot voorreg om te kan deelneem aan *Sêr*.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Met *Sêr* is daar soveel vryheid met wat jy doen. Soos jy kies jou eie verwerkings, tema, wat jy gaan doen, hoe jy dit gaan oordra, ensovoorts. Die reëls van *Sêr* is so, dat jy as *Sêr* groep steeds eintlik kan doen wat jy wil en jou opinie of emosie of idee oordra. Veral met musiek is dit baie maklik om 'n sekere emosie oor te dra met sekere tipies genres musiek. Ons vra altyd: "wat wil ons hê moet die gehoor ervaar" en werk dan van daar af.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Al die koshuise het nie ewe veel mense wat musikale ervaring of opleiding al gehad het nie, so dan moet jy dit aanleer vir van die groepslede. Omdat mens al so lank voor die tyd begin oefen kan jy sekere tegnieke aanleer. Soos ek het geen tegniese musikale opleiding gehad voor *Sêr* nie en as gevolg van *Sêr* kan ek nou na drie jaar sê ek het al baie geleer en verbeter.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Dis 'n koshuis kompetisie, so mense wat in koshuise bly geniet *Sêr*, en ondersteun hulle groep altyd. Ek dink vir die res van kampus is dit dalk nie so 'n big deal nie.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Soms, dit hang seker maar af van wie jou dosent is en of hulle *Sêr* geniet. Maar ek dink oor die algemeen ondersteun die meerderheid *Sêr*, want die ouditorium is altyd vol met *Sêr*.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om musiek in SA te bevorder en dis ook net baie lekker om te kan deelneem.

Participant EE ("Kurt")

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Dit word al jare lank aangebied op die kampus en sonder *Sêr* sal die kultuurlewe op kampus bloot nie dieselfde wees nie. Die geleentheid is selfs groter as sommige rugbywedstryde op kampus. Dit is 'n prestasie om die *Sêr* oudisie te slaag en deel te wees van die *Sêr* groep.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

Indien elke *Sêr* lid nie sy of haar deel doen nie, is dit 'n totale mislukking - dis soos 'n spansport waar elkeen 'n rol het om te vervul. Indien een mens nie doen wat verwag word nie en op ander lede se rûe ry, gaan daar probleme wees omdat die volume byvoorbeeld te swak gaan wees. Verder leer *Sêr* jou om in 'n ensemble te sing en jou stem te beheer. Vir amateursangers is dit baie goeie opleiding.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Sêr plaas jou in 'n ander klas en dit onderskei jou van die res van kampus. Dit is 'n voorreg om te kan *Sêr* sing. As afrigter hang baie van jou naam af van hoe jou [*Sêr* groepe] vaar in die kompetisies.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Daar word dikwels veral in Afrikaanse keurspelle sosiale kommentaar op die land of universiteit of die wêreld gevind. Emosies word oorgedra deur 'crowd pleasers' wat die gehoor intrek en deelmaak van dit wat op die verhoog gebeur. Met behulp van dinamiek of met ballades of ander stadiger liedjies, word daar dikwels 'n hartsnaar geraak. Die eie komposisie het natuurlik die vermoë om nuwe musikale idees en melodieë oor te dra, maar kan ook met die lirieke 'n opinie of emosie oordra.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Die meeste mense wat *Sêr* sing het dikwels geen tot baie min musikale opleiding gehad, so dit is heeltemal moontlik om deel te neem en dinge aan te leer. Die geheim is om altyd te motiveer waarom 'n tegniek aangeleer word of waarom iets op 'n sekere manier gedoen moet word.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

As die grootste kultuurgeleentheid op kampus en prestigious. Verder is dit die ideale geleentheid om nuwe vriende te maak en jou musikale kennis te verbreed. Omdat daar slegs twintig lede in 'n groep is, word *Sêr* mense dikwels op die hande gedra en kry hulle ander geleenthede.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Sêr oefening is dikwels 'n struikelblok aangesien dosente en personeel dit maklik kan sien as iets wat die aandag van akademie aftrek - veral omdat daar so baie en lank geoefen word. Nie almal is daarvoor nie, maar daar is tog ondersteuning. Mede-studente dink dit is fantasties. Algehele publiek kla dikwels omdat die kaartjies uitverkoop is en dit dui op die algehele gewildheid van *Sêr*.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Om studente die geleentheid te gun om op 'n verhoog op te tree en hul sangtalent en musikale vermoë uit te leef. Dit is beslis ook 'n plek waar vriendskappe gesmee word en dikwels word bekende sanggroepe gekweek in *Sêr* groepe (Navi Redd, Overtones, Flip-A-Coin). Amateurs kry dikwels nie die geleentheid om hul talent ten toon te stel nie, maar *Sêr* gee aan hulle die erkenning wat hul harde werk toekom.

Participant FF (“Neo”)

Hoe is *Sêr* 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Sêr is een van die belangrikste tradisies wat die Puk het en word hoog geag deur die studente. Dit is ook een van die lekkerste tradisies wat 'n eenheid oor die kampus skep.

Hoe is *Sêr* deelnemend? M.a.w hoe is jou deelname in *Sêr* belangrik?

My deelname in *Sêr* is ongelooflik belangrik. Ek ag dit as 'n groot eer en voorreg om gekies te word as deel van die twintig meisies wat my koshuis verteenwoordig. Om op daardie verhoog te staan en sing saam met my vriendinne is een van die lekkerste oomblikke ooit en 'n groot hoogtepunt.

Hoe dra *Sêr* by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Dit is lekker om uitgeken te word as 'n [Dameskoshuis B] *Sêr* lid. Verder is dit ook lekker as mense na jou toe kom en sê daar is die meisie wat so lekker show. 'n Mens kan met jou kop hoog loop en trots wees op jou *Sêr*.

Hoe is *Sêr* 'n vorm van ekspressie? M.a.w kan *Sêr* gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Die liedjies en bewegings wat gebruik word kan maklik 'n boodskap uitbeeld. Verder kan liggaamstaal en stem (bv. hard en sag) gebruik word om verdere emosies uit te beeld.

Hoe is *Sêr* tegnies toeganklik? M.a.w is dit moontlik om *Sêr* aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Daar is meisies wat *Sêr* sing sonder enige formele musikale opleiding of ondervinding. Dit is egter 'n bietjie moeiliker, maar as 'n mens selfvertroue het en hard werk is enige iets moontlik.

Hoe word *Sêr* verstaan onder die res van die kampus?

Die kampus besef nie hoeveel harde werk in *Sêr* gesit word nie. Hulle dink dikwels dat dit sommer vinnig vinnig aan mekaar gesit kan word. Ander se opinie is egter dat dit 'n mors van tyd is en dat daar ander belangriker dinge in die lewe is om op te fokus soos byvoorbeeld akademie. Die meerderheid van die kampus is egter ten gunste daarvoor en sien baie uit daarna om na die vertonings te gaan kyk om sy of haar koshuis te ondersteun.

Sou jy sê *Sêr* word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, medestudente en algehele publiek? Hoekom sou jy so sê?

Die meerderheid aanvaar dit en sien uit na die vertonings. Jy kry egter die uitsonderings wat glo dit is 'n mors van tyd.

Wat, volgens jou, is die doel van *Sêr*?

Die doel van *Sêr* is om 'n geleentheid te skep om 'n gebalanseerde leefstyl te handhaaf en vir 'n rukkie weg te breek van akademie af. Dit bied 'n gesonde manier aan om fun te hê vir die studente. Laastens skep dit 'n eenheid tussen die studente op die kampus en bied 'n bietjie gesonde kompetisie tussen die verskillende koshuise.

Appendix D Raw data (*www.surveymonkey.com*) and per email

Introduction

This document is a presentation of the original words of both the interviewees (via email) and the participants (via the *surveymonkey* questionnaire, see Appendix A), in the original font and writing style. The answers to the questionnaire have date stamps underneath, which indicates the exact time and date the answer was given. A formatted version of the data can be found in Appendix B, which is also used as reference to any of the quotations found in Chapter 4 and 5 of the essay, *Understanding student serenading (sêr) on the Potchefstroom Campus of the North-West University*.

Interviewee 1 (“Hans”).

Personeellid en oudstudent, 22 March 2012, Potchefstroom, Email correspondence:)

1. Ek weet nie maar dit moes in 1995 of daaronderom gewees het
2. Toe ek `n student was het my koshuis "UITSPAN" reeds in 1970 die sêrkompetisie gewen
Die kompetisie is toe nog in die Totiussaal gehou. Daar was nie klank of beligting nie. Ons kostuum was pijamas en ons het as dekor boomtakke en `n sleepbankie gebruik.
In die jare 1985 en daarna het daar `n verandering ingetree deurdat jy as sêrgroep van koshuis tot koshuis moes gaan en die beoordelaars was êrens in `n koshuis versteek, maar die sêrgroep het nie geweet waar nie. Die klem het dus regtig op die tradisionele sêr geval.

Met die ontstaan van die nasionale sêrenade-kompetisie het dinge (volgens my mening) begin ontaard in `n "revue-show" omdat die PUKKE aangepas het by die behoefte en reëls van die ander kampusse. Dit is nie meer vandag die oorspronklike serenade-gedagte nie en die vereistes het baie weinig met tradisionele serenade te doen.

Terloops: As `n mans-sêrgroep laat die aand by `n dameskoshuis gaan sêr het, het die dames slegs die ligte in hul kamers geflikker as hulle van die sang gehou het. Daar is nie met die sêrgroep gesels of van balkon af geskree nie soos ek dit later as huisvader van VMN beleef het.

Interviewee 2 (“Johan”). Personeellid en oudstudent, 19 March 2012, Potchefstroom, Email correspondence)

My bydrae:

- Sêr is so oud soos die berge hier op die Puk. Puk Agriëf en Museum (oostekant van Bib) sal vir jou baie meer historiese info kan gee.
- Ek was in 1986 1ste-jaar en sêr was so deel van Puk-wees soos die Fanie die Totiussaal.
- Dit was altyd informeel en mans en dameskoshuise het informele sêrgroepe gehad wat los en vas oor en weer bymekaar gaan sêr het.
- Dit was nooit 'n formele kompetisie-ding in my tyd gewees nie (sovêr ek kan onthou nie). Dit het eers later gekom (middel 90-tigs??, dalk vroeër??).

Participants (via *surveymonkey*)

1. Hoe is Ser 'n tradisie op die NWU se Puk kampus?

Sêr is 'n jaarlikse instelling en iets waaraan baie aandag en tyd spandeer word. Die blote feit dat hierdie aktiwiteit al uitgebrei het na 4 aande op kampus, is 'n toonbeeld hiervan.

9/11/2012 3:36 AM¹

1. Dit is n vasgestelde datum wat elke jaar die PUK dagboek haal 2. Dit is een van die hoogtepunte van die universiteitskalender 3. Nasionale ser as kompetisie is ook n jaarlikse gebeurtenis, dus is diit ook vir die puk so

29/10/2012 7:05 AM

In sommige opsigte bly dit jare lank dieselfde. Dit word byvoorbeeld uitsluitlik deur studente afgerig en opgevoer. Dit is 'n lekker sosiale aktiwiteit en 'n belangrike deel van georganiseerde studente lewe. Ek het dit baie geniet en die trots van die koshuis was op die spel.

8/10/2012 5:44 PM

Elke jaar deel honderde studente in die oudisies om 'n plekkie op die verhoog te wen. Ser word elke jaar NET grote

7/10/2012 4:35 AM

Every year each and every dorm tries to show of their musical talent by entering this competition. It has become deeply embedded in all traditions surrounding music and culture.

28/9/2012 6:31 AM

Dit word jaarliks gedoen en die koshuise is nogal ernstig daaroor.

25/9/2012 11:23 AM

Ser het ontstaan as 'n groep manne wat altyd vir die dames in klein groepies voor hulle koshuise begin sing het - 'n serenade is gehou onder hulle koshuiskamervensters. Later het hierdie serenades 'n kompeterende aard aangeneem en dis hoe ser tot stand gekom. Later toe die kampus se ser 'n kompetisie tussen mans en dames op kampus geword het, en erken is as een van die kuns- en kultuur gebeure op kampus wat nhie misgeloop moet word nie, het die ATKV o.a. hierdie verskynsel op ander kampusse raakgesien en 'n projek geloods wat as Nasionale Ser bekend staan vandag. Namate die sertradisie gegroei het op kampus EN nasionale vlak, is ek nie meer seker of dit so erg oor tradisie gaan nie, maar dalk eerder oor die titel wat 'n sergroep ontvang as "nasionale ser wenners". Mynsiniens is 'n mooi tradisie besig om 'n te kompeterende aard aan te neem.

25/9/2012 5:00 AM

Mens kan amper se dis die hartklop van die kultuur, dis die hoof kultuur item wat plaasvind op die PUK. Mense verander altyd maar SER bly altyd daar.

25/9/2012 3:17 AM

Ser het baie jare gelede op die PUK kampus begin en die tradisie loop voort elke jaar. Elke jaar is die standaard net hoër en hoër, en elke jaar verras 'n paar koshuise die kampus met nuwe, vars en innoverende idees op die verhoog.

11/9/2012 7:02 AM

Dit is 'n jaarlikse instelling wat al reeds vroeg in die jaar afskop as mens kyk na hoe vroeg koshuise reeds begin oefen. Vakansies word selfs al ingespan om seker te maak die groep is voorberei. Sekere koshuisinwoners leef letterlik net vir ser elke jaar.

8/9/2012 4:41 AM

Ser is soos enige ander tradisie, 'n gebruik om mense byeen te bring, om samehorigheid te vestig en gebruike en gewoontes te deel. Ser het reels waarby gehou moet word en is tradisioneel, maar terselfdertyd ook skeppend - 'n resep wat 'n tradisie tot stand bring.

12/8/2012 11:32 AM

Dis 'n koshuis mededinging wat dit eintlik so populêr maak. Daar is baie sangtalent op kampus en 'n kompetisie soos ser is iets wat, alhoewel dit onsettende harde werk is, die talent kan 'afshow'. Mense geniet dit om ser te kyk/(luister?) want dit is mooi, en die yre se werk word wel beloon.

5/8/2012 8:26 PM

¹This document is the original answers as the participants wrote it on www.surveymonkey.com, with their time stamps of when they filled in the questionnaire.

Nog voordat ek geweet het wat ek wil studeer op Pukke het ek verseker geweet ek wil ser sing. Dit is een van die bekendste koshuiskompetisies op kampus en word jaarliks groter en groter. Vir iemand wat ser sing, ondervind ek onttrekkingssimptome binne die eerste week nadat ser tyd verby is.

3/8/2012 12:30 AM

Dit is by vere die grootste kunste event op die puk vir my en ek geniet dit ongelooflik baie om 'n deelnemer te wees. (moet sê, pukke sêr is in 'n ander klas teenoor ander universiteite...)

3/8/2012 11:00 AM

Dis is samekoms van mense wat lief is vir musiek en kultuur. Almal sien altyd uit daarna.

3/8/2012 9:58 AM

Dit is 'n jaarlikse instelling waar beide mans- en dameskoshuise maande lank oefen om die beste sergroep op kampus te wees. Toeskouers wag in elletange rye om kaartjies te kry, sodat hulle ook deel kan wees van die opwinding,

30/7/2012 11:09 AM

Diy bring die meederheid van die kampus saam en dit selebrate musiek op n ander vlak. Dit gee die geleentheid van groei en goeie kompetisie

28/7/2012 6:30 AM

Dit is 'n integrale deel van die universiteit se kultuurprogram en 'n geleentheid waar koshuise maande lank hard oefen om 'n plek in die top5 te kry.

27/7/2012 6:08 AM

Sêr is 'n baie groot deel van studente se lewe op die PUK. Al was/is jy nie deel van sêr nie, weet elke student op die PUK wat sêr is.

26/7/2012 8:34 PM

Wow... Die sosiaal daarvan, musikale kennis en genot wat verskaf word. Meng dit en jy kry 'n warm gevoel vol herinneringe as jy daaraan dink.

26/7/2012 5:45 AM

Dit is soos enige ander sport of kulturele byeenkoms en word jaarliks verbeter deur standarde en kompetisie onder verskillende koshuise en universiteite. O, en dis 'n "awesome" tradisie!

24/7/2012 4:24 PM

Sêr is baie gewild onder die studente. Studente kan elke jaar uitsien om daarvan deel te wees.

24/7/2012 8:09 AM

Ek is 'n eerstejaar op die Puk en almal se ser is die grootste kultuuraktiwiteit op kampus. Sover kan ek uit eerstehandse ervaring daarvan getuig. Dit is verseker die koshuisaktiwiteit waaraan die meeste voorbereidingstyd bestee word, wat die beste ondersteun word en waarvan die kaartjies die vinnigste uitverkoop is.

23/7/2012 9:42 AM

In die sin dat ons dit elke jaar herhaal en dat ons daarom voort bou op n reeds bestaande aanvaarbare aksie.

18/7/2012 2:11 PM

Mans het vir dames by hulle koshuisvensters in die aande kom 'serenade' tot waar sêr vandag 'n kompetisie is waar al die koshuise van die PUK teen mekaar deelneem. Dit verbeter elke jaar en is een van die grootste gebeurtenisse op die kampus.

17/7/2012 5:46 PM

Dit is 'n gesonde kompetisie tussen koshuise op die NWU Puk kampus, en deurdat dit soveel belangstelling en verwondering lok word meer en meer mense jaarliks betrokke. Vanuit die kompetisie se gewildheid is daar jaarliks 'n herhaling van die kompetisie en sorg dit vir 'n groot oproering onder studente. Vir my as serlid is dit 'n voorreg, nes dit 'n voorreg is om aan enige ander gelofwaardige tradisie deel te neem.

17/7/2012 4:12 AM

As eerstejaar op die Puk was ek baie verbaas oor die waarde wat aan ser geheg word op die Puk. Dit is 'n jaarlikse tradisie en is een van die aksies wat die meeste voorbereidingstyd in beslag neem (byna 6 maande). Kaartjies vir ser is ook baie moeilik bekombaar aangesien dit so n gewilde kultuur aktiwiteit is.

16/7/2012 3:18 PM

Dit gebeur al vir 'n hele klomp jare en raak al hoe meer gewild onder die studente en koshuise

15/7/2012 3:20 PM

Dit het jare terug al ontstaan, heelwat van vorm verander, maar vind steeds jaarliks meer as een keer (weereens in verskillende vorme) plaas te midde van groot belangstelling, opwinding en kompetenderheid.

15/7/2012 12:23 AM

Ek doen nog net 3 jaar sêr, so al wat ek kan sê is dat sêr een van die grootste geleenthede (of kompetisie) op die PUK Kampus is.

15/7/2012 5:58 AM

Dit word al jare lank aangebied op die kampus en sonder sêr sal die kultuurlewe op kampus bloot nie dieselfde wees nie. Die geleentheid is selfs groter as sommige rugbywedstryde op kampus. Dit is 'n prestasie om die sêroudisie te slaag en deel te wees van die sêrgroep.

15/7/2012 4:10 AM

Ser is een van die belangrikste tradisies wat die Puk het en word hoog geag deur die studente. Dit is ook een van die lekkerste tradisies wat 'n eenheid oor die kampus skep.

15/7/2012 4:06 AM

2. Hoe is Ser deelnemend? Maw hoe is jou deelname in Ser belangrik?

Sêr vorm deel van die totale kunste kompetisie. Dit is dus nie noodwendig verpligtend om deel te neem nie, maar dit is verseker lekker. 'n Mens kan wegstap met die Kunstebeker, al het jy nie aan sêr deelgeneem nie.

9/11/2012 3:36 AM

Dit bied studente wat lief is vir musiek en sang die geleentheid om dit te doen, afgesien van watter graad jy studeer. As jy n liefde het vir sang, is ser die plek vir jou. Dit is ook n baie belangrike platvorm om vir jou koshuis iets te beteken, omdat ser se prestasie so hoog geag word.

29/10/2012 7:05 AM

In 'n koshuis met beperkte stemme is elkeen wat kan noothou of 'n instrument kan speel belangrik.

8/10/2012 5:44 PM

Daar is slegs maks 20 mense op die verhoog. M.A.W 5 mense op 'n stemparty. Dus as jy nie jou deel doen nie, rig jy skade aan die produk.

7/10/2012 4:35 AM

The strength of your performance relies on each and every person giving their utmost to make sure every performance is to best bet of their abilities. It is the responsibility of each person to make sure that they give it their all and this is what makes them respect each other.

28/9/2012 6:31 AM

Ek tree op as verwerker/komponis/afriqter

25/9/2012 11:23 AM

Dit is uiters belangrik. Serspanne moet net so baie saamwerk soos 'n rugbyspan. As jy nie saam oefen nie, of as jy 'n bal lelik aangee, is die "game" daarmee heen. Die groep en soliste moet mooi saamwerk om mekaar nie dood te sing nie en eerder 'n goeie geheel na vore te bring. Meisies en Mans spandeer so baie tyd saam en leer om te sing en 'n "show" op die planke te sit, dat hulle nie anders kan as om saam te leer en 'n bemagtigingsproses te ondergaan nie. Studente wat van klein dorpies af kom - wat nie eens in 'n koor gesing het nie - word deel van 'n klein "familie" waar hulle dikwels vir die eerste keer in hulle lewens bemagtig word, 'n platvorm kry waar hulle voor 'n auditorium van tot 1000 mense solo kan sing. Hierdie deelnemende aard gee aan lede 'n gevoel van "behoort" en bou oa selfvertroue.

25/9/2012 5:00 AM

Help om kultuur te bevorder en dit bewus te maak. As jy nie deel was van 'n koshuis nie het jy altyd daarvan gehoor in die klasse.

25/9/2012 3:17 AM

Elke sergroep bestaan uit 'n minimum van 10 en maksimum van 20 lede. Elke individuele stem is egter van kardinale belang vir die "sameklank" en hoe goed die kombinasie van stemme moet "gel". Daar word ook individuele persone gebruik om solo's, duette en/of trio's te sing. So dus is elke lid van die groep se deelname en samewerking van kardinale belang.

11/9/2012 7:02 AM

Dit is gesonde kompetisie (tot 'n mate), koshuislede kry te doen met musiek wat hulle nie noodwendig van te vore sou nie. En elke stem is natuurlik 'n aanwinst vir die groep.

8/9/2012 4:41 AM

Ser verg die samewerking van elke individu. Musikale balans is van uiterste belang - daarom, as een lid onttrek, beïnvloed dit die hele groep. Verder is elke toeskouer belangrik, want die oorlewing van ser hang af van die bywoning. Ser benodig ook die ondersteuning van die universiteit en bestuur om suksesvol te wees.

12/8/2012 11:32 AM

Jy moet bereid wees om 100% van jou vrye tyd op te offer. Daar is seker uitsonderings, maar meeste mense weet dis 'n 'commitment' wat jy baaaaie goed moet nakom, anders sal jy as die suurkol beskou word as jy nie jou deel bring nie. Almal moet maar ewe hard werk, en as jy dit graag genoeg wil he sal jy jou alles gee.

5/8/2012 8:26 PM

Jy ontmoet soveel ander meisies in jou koshuis, junior en senior, veral vir my wat in 'n dorpskoshuis is. Nuwe vriendskappe word gevorm en nuwe vriendinne gemaak. Ook as een meisie nie hul kant bring nie, ly die hele ser groep daaronder.

3/8/2012 12:30 AM

Ek is een van die lede in die wen sêr. Ons gaan pukke se naam gaan groot maak in Bloem!

3/8/2012 11:00 AM

Dit is vreeslik belangrik om 'n ser groep as EEN te sien en nie individue nie. Dit is belangrik om na mekaar te luister en verstaan waaroor die musiek gaan om dit ten beste oor te dra

3/8/2012 9:58 AM

Daar is 'n maksimum van 20 lede wat aan die ser mag deelneem. Dus is elke stem wat hulle kan kry van noodsaaklike belang.

30/7/2012 11:09 AM

Almal wat deelneem speel n rol om n goeie produksie op die planke te sit. Sels die ondersteuners is belangrik en maak ser so n ongelooflike geleentheid.

28/7/2012 6:30 AM

Ser is 'n groep van 20 mense met verskillende grade van talent, en elkeen moet sy eie persepsies oor homself opsy skuif en begin funksioneer as 'n eenheid. Jy vergeet van jouself en dink aan die groep en wat jy as groep wil bereik.

27/7/2012 6:08 AM

Sommige koshuise op kampus (in die verlede meer dag huise) het baie gesukkel om lede te kry om die maksimum van 20 persone te vul. Ek dink dit is aldus vir elke koshuislid wat kan sing of enigsins dink hy/sy kan noot hou om te probeer om deel te wees. Al kom jy nie in nie, om dan sêr te ondersteun.

26/7/2012 8:34 PM

Geen sergroep is dieselfde nie. Tog vind elke individu sy plekkie daarin. Die musikale of sosiale bydrae wat jy lewer dra by tot die eindproduk.

26/7/2012 5:45 AM

Ser is deelnemend in die sin dat elke lid sy deel moet doen in terme van oefeninge en ook groepsdinamika. Die serlede moet leer om na mekaar te luister sodat daar harmonie in die groep kan wees en ook in die klank van hulle musiek.

24/7/2012 4:24 PM

Almal kan deel wees van sêr, of hulle nou self sing, afrig, verwerk of net gaan kyk en luister.

24/7/2012 8:09 AM

Omdat ser die grootste koshuisaktiwiteit op kampus is verseker dit interaksie tussen koshuise wat beteken dit is ook 'n geleentheid om mense in ander koshuise te leer ken.

23/7/2012 9:42 AM

Span werk. Sluit n groep mense in!

18/7/2012 2:11 PM

Sêr bestaan uit 20 lede so elke stem tel. Die minimum lede van 'n groep is 10. Elke persoon speel 'n kritiese rol omdat daar verskillende stemgroepe is en elkeen sy deel moet bring sodat die groep goed kan klink.

17/7/2012 5:46 PM

Spesifiek my deelname, is belangrik deurdat dit sorg vir blootstelling. Ek sing nou vir 'n derde keer in ons koshuis se ser, en deur die vervulling wat ek beleef vanaf my eerste jaar, is dit dan moontlik om ander te inspireer, motiveer en sommer net aan te steek. Sonder my sou daar egter slegs 19 meisies wees en daarom is my deelname belangrik. Ek is hoegenaamd nie onvervangbaar nie, nee, maar vanuit 'n oudisie rondte van 70 meisies is ek gekies in die top 20, wat beteken dat indien ek nie sou deelneem nie, daar slegs 19 van die heel bestes op die verhoog sal gaan om

ons koshuis te verteenwoordig. Op hierdie manier benadeel ek nie net my koshuis nie maar ook my eie gesonde soeke na sukses en bevrediging.

17/7/2012 4:12 AM

'n Persoon se deelname AAN ser is belangrik deurdat dit n hoe toewydingsvlak vereis. Gedurende ser raak jy deel van nie net 'n sergroep nie, maar jy word betrek by die breër sergemeenskap van die Puk en ook alle universiteite.

16/7/2012 3:18 PM

In elke koshuis word die 20 beste stemme gekies om deel te wees van 'n sêrgroep

15/7/2012 3:20 PM

Wel, ek veronderstel sonder elkeen se deelname was daar niks, dus is deelname nie net belangrik nie, maar noodsaaklik.

15/7/2012 12:23 AM

Baie belangrik! As 'n sêrgroep nie 20 deelnemers nodig het nie, kan hulle met minder deelneem, so die feit dat jy in die sêr is beteken jy's daar vir 'n doel, en word verseker benodig.

15/7/2012 5:58 AM

Indien elke sêrlid nie sy of haar deel doen nie, is dit 'n totale mislukking - dis soos 'n spansport waar elkeen 'n rol het om te vervul. Indien een mens nie doen wat verwag word nie en op ander lede se rûe ry, gaan daar probleme wees omdat die volume byvoorbeeld te swak gaan wees. Verder leer sêr jou om in 'n ensemble te sing en jou stem te beheer. Vir amateursangers is dit baie goeie opleiding.

15/7/2012 4:10 AM

My deelname in ser is ongelooflik belangrik. Ek ag dit as 'n groot eer en voorreg om gekies te word as deel van die 20 meisies wat my koshuis verteenwoordig. Om op daardie verhoog te staan en sing saam met my vriendinne is een van die lekkerste oomblikke ooit en 'n groot hoogtepunt.

15/7/2012 4:06 AM

3. Hoe dra Ser by tot jou identiteit as 'n student op die NWU Puk kampus?

Ek glo dat Sêr op kampus 'n groot deel van die kuns-identiteit van Potch definieer.

9/11/2012 3:36 AM

Dit maak jou bekend vir die res van die kampus, mense ken jou as jy in n goeie ser sing. Dit brei ook vaardighede uit i.t.v musiek en verbreed jou horison om verder in pukstrukture in te beweeg. Ser het my laat deel voel van iets groter as net ek en later my ingetrek en uitgespoeg om ander areas van die kunste ook te ondersoek.

29/10/2012 7:05 AM

Ek voel ek behoort in die koshuis en ek is deel van die studente lewe.

8/10/2012 5:44 PM

Jy vorm deel van 'n groep mense wat maande oefen om die beste te wees! Jy word 'n klein ser familie wat groot en goeie vriendskappe kweek! Dit vorm jou as student, as mens en sommiges as musikante.

7/10/2012 4:35 AM

It's not just a group you song with, the people in this group become you family for 6 months of the year and this shapes the person you become. You find outbreak about yourself because you are pushed to do things you normally wouldn't.

28/9/2012 6:31 AM

Ek het van my eerstejaar af deelgeneem aan ser. Mense ken my en kontak my gereeld as gevolg hiervan. Ek sou sê dat dit bygedra het tot my identiteit as musikant.

25/9/2012 11:23 AM

Ser kan van jou 'n "celeb" op kampus maak as jy 'n goeie solo of "show" aanmekaar sit. Kobus Lourens is bv nie op kampus bekend as Kobus Lourens nie, maar as "daai nommer 5 in Veritas se football serjaar - daai ou wat so mooi sing".

25/9/2012 5:00 AM

Help jou om meer deel te wees van iets op die PUK en gee jou ook geleentheid om ander te ontmoet van ander universiteite.

25/9/2012 3:17 AM

Mense wat ser het verseker 'n spesifieke status op kampus. Veral as jy deel is van 'n goeie ser-koshuis, en veral as jy 'n goeie solis is. 95% van kampus is ser befok...so almal onthou altyd die ser-lede. Hulle kyk ook na die tyd weer die dvd en beleef weer hoe fantasties/fun/goed 'n ser-groep was, en so word daardie beeld/identiteit van 'n ser-lid gebou en behou.

11/9/2012 7:02 AM

Jy word onmiddellik deel van 'n sekere groep en assosieer jouself met hulle. Dit versterk jou identiteit as lid van jou koshuis, maar ook as 'n lid van 'n groep mense wat lief is vir sing/"perform"

8/9/2012 4:41 AM

Ser is gelyk aan NWU-kampuslewe. Of jy fisies in die ser is, 'n toeskouer of 'n ondersteunende rol vertolk, ser is 'n gedeelde identiteit. Ser dra by tot die kultuur- en sosiale identiteit van studente op 'n vlak wat geen ander een aktiwiteit regkry nie, juis omdat dit toeganklik en identifiseerbaar is.

12/8/2012 11:32 AM

Dit maak jou nou nie 'n 'superstar' nie, maar meeste mense wat saam jou klasdraf ens. sal jou herken as jy deelgeneem het en aanvaar dat jy bereid is om baie vir jou koshuis op te offer, en dat jy 'apparently' mal goed sing. haha

5/8/2012 8:26 PM

Hierdie is my 3de jaar wat ek ser sing vir my koshuis en ons het hierdie jaar 'n tradisie begin dat jy jou naam en "rang"(hoeveelheid jaar in ser) op jou baadjie kry sodat almal kan sien hoe lank jy al ser sing want dit is 'n spog geleentheid om van deel te wees.

3/8/2012 12:30 AM

As dit nie was vir sêr nie was my sosiale lewe op die puk maar vaal...

3/8/2012 11:00 AM

Ser groepe wat goed presteer beteken baie tot die ser groep se koshuis waarin hulle hoort. Dit is 'n boost vir die koshuis self en die beeld daarvan. Ser groepe wat bekend is vir hul afronding of musikaliteit, volhou jaarliks daarby.

3/8/2012 9:58 AM

Dit laat my "uitstaan" bo ander studente, omdat ek deel is van 'n klein groepie studente wat bevoorreg is om daaraan deel te kan neem. Ander studente sien definitief serlede in 'n ander lig, dat ons hardwerkend is en dat ons baie tyd opoffer vir ons koshuise

30/7/2012 11:09 AM

Dit het vir my baie beteken as mens. Jy groei in jouself en bou verhoudings met mense wat jy veral tyd sal he. Dit bied geleentheid vir kreatiewe groei

28/7/2012 6:30 AM

Ek staan bekend as 'n serafriqter, omdat ek dit al vir 8 jaar doen. Dit is 'n aspek wat meeste mense eerste aan my koppel.

27/7/2012 6:08 AM

Ek self het nooit sêr gesing nie, slegs afgerig. Maar ek dink vir koshuise wat goed doen in sêr is dit 'n status simbool om deel van 'n sêr groep te wees.

26/7/2012 8:34 PM

Almal ken jou as 'die girl van ser wat mooi sing/die solis'. Jy's ook deel van n groep. Jy 'belong'.

26/7/2012 5:45 AM

Ek sou nie noodwendig se dis broodnodig om ser te sing nie, maar ek dink net dis 'n verskriklike lekker gevoel om deel te he daaraan. Dis 'n groot "cliche" maar, jy sal dit net verstaan as jy wel ser gesing het verduidelik dit vir my baie goed.

24/7/2012 4:24 PM

Elkeen bring sy eie vaardighede na sêr, bv die speel van kitaar/trom of solosang, verwerking, ens. Die rol wat elk speel vorm deel van die groter geheel, en vorm dus sy identiteit in die sêrgroep.

24/7/2012 8:09 AM

Ser dra by tot my identiteit in die koshuis en my identiteit in die koshuis dra by tot my identiteit as student op die NWU-Puk kampus. Die koshuise word soms beskryf as die hart van die kampus en as 'n mens nie betrokke is by die koshuis nie mis jy uit op al die geleenthede wat die Puk bied, insluitende ser.

23/7/2012 9:42 AM

Elke mens wil deel voel van iets groter as hom self en ser bied die geleentheid,

18/7/2012 2:11 PM

Musiek is 'n groot passie vir my en daarom ook deel van my en deur sêr kan ek dit uitleef. Die gevoel om die beste sêrgroep op die PUK te wees is onbeskryflik en daarom is dit die moeite werd om hard te werk daarvoor.

17/7/2012 5:46 PM

Dit heers glad nie my identiteit as mens tussen ander studente nie. Dit plaas my wel in die kollig, maar meestal vir ander koshuise se ser-lede. Nie noodwendig die alledaagse Puk studente nie. Ek glo dat daar teen die tyd, 'n redelike bewustheid onder mede klasgangers en koshuislede ontstaan het van die feit dat ek wel ser sing. Maar vir die ander 6 maande van die jaar waarin ser stil is, is ek bloot net myself en word ek nie gesien as "serlid" nie.

17/7/2012 4:12 AM

Ek heg groot waarde aan my koshuis se sergroep en ook die Puk se ser tradisies. Dit ontwikkel nie net jou sangvermoeë nie, maar leer jou ook selfdiscipline en om 'n verteenwoordiger van jou koshuis te wees. Omdat die tradisie van ser so groot op die Puk is, beskou ek dit as 'n groot eer om deel te wees daarvan en nie net slegs 'n toeskouer nie. Ek sit 'n tradisie voort. My toewyding en harde werk stel die mikpunte vir toekomstige jare.

16/7/2012 3:18 PM

Dit ontwikkel jou talente en menseverhoudinge. Jou identiteit as sulks word nie beïnvloed nie.

15/7/2012 3:20 PM

Vir my persoonlik: geensins. Vir ander mense vorm dit waarskynlik 'n integrale deel van hulle identiteit omdat hulle voel hulle behoort aan iets en werk saam met ander om 'n doel te bereik.

15/7/2012 12:23 AM

Omdat sêr so big deal op kampus is en baie mense sêr gaan kyk, word jy amper 'n "bekende" gesig van sêr. Veral wanneer jou koshuis goed doen in sêr of as jy baie solo's doen. Ek sal sê dis rerig 'n groot voorreg om te kan deelneem aan sêr.

15/7/2012 5:58 AM

Sêr plaas jou in 'n ander klas en dit onderskei jou van die res van kampus. Dit is 'n voorreg om te kan sêr sing. As afrigter hang baie van jou naam af van hoe jou sêrre vaar in die kompetisies.

15/7/2012 4:10 AM

Dit is lekker om uitgeken te word as 'n VMN ser lid. Verder is dit ook lekker as mense na jou toe kom en se daar is die meisie wat so lekker show. 'n Mens kan met jou kop hoog loop en trots wees op jou ser.

15/7/2012 4:06 AM

4. Hoe is Ser 'n vorm van ekspressie? Maw kan Ser gebruik word om 'n idee, opinie of emosie oor te dra?

Dit het al gebeur dat groepe 'n bepaalde boodskap wou oordra, maar dis nie noodwendig die beste platform daarvoor nie.

9/11/2012 3:36 AM

ek dink dit hanf af van individu tot individu, maar vir my is dit my "escape" van n graad wat vervelig is en wat ek eintlik nie geniet nie. Sonder ser sal ek n droe kampuslewe he wat bestaan uit studies. Ser is my get out of studying free card

29/10/2012 7:05 AM

Daar is dinge wat deur sang gekommunikeer kan word wat andersins nie toegelaat sou word nie soos byvoorbeeld protes oor bestuur.

8/10/2012 5:44 PM

Deur die verskillende tegnieke wat musiek uitbeeld, oor die algemeen.. intonasie, harmonieë, danse, klere, humor, kontroversie. In 17min probeer die 20 deelnemers hul boodskap en/tema oordra

7/10/2012 4:35 AM

Because music is a way of expressing not only your feelings but also your political and social views.

28/9/2012 6:31 AM

In die eie komposisies het ek al baie politieke en etiese vra gevra en ook baie kommentaar op dinge gelewer.

25/9/2012 11:23 AM

Hoewel temas nie verplig is nie, het die PUK se sergroepe altyd 'n tema van een of ander soort. Pukke se temas staan ook duidelik uit by 'n nasionale kompetisie. Mense sal praat van "die cowboy jaar" of die "bosvrouens-jaar". Daar word gewoonlik een of ander storie subtiel met die temas uitgebeeld en oorgedra.

25/9/2012 5:00 AM

Alamal het 'n ander emosie van enige musiek. Help 'n groep om emosies uit te beeld vir groot groep mense. Stel ander bloot aan hoe mens 'n liedjie op ander maniere uit te beeld en te ervaar.

25/9/2012 3:17 AM

Verseker. Ser op die Puk kampus gaan gewoonlik gepaard met elke koshuis se unieke tema. Liedjies word dan gewoonlik gekies sodat dit hierdie tema ondersteun. Verder kan stadige en mooi liedjies wat baie fokus op musikaliteit en "vocals" die gehoor in trane laat. Verder skryf elke ser-groep 'n eie-komposisie wat hul tema ten sterkste moet uitbeeld. Dus kan ser verseker gebruik word om 'n idee/opinie/emosie oor te dra.

11/9/2012 7:02 AM

Ja: Indien 'n groep beskik oor goeie musikale vermoens is daar definitief 'n moontlikheid hiervoor want daar word verstaan wat bedoel word met "emosie op die verhoog", maar as 'n groep NIE goed musikaal is nie, sal die uitdrukking van emosie verlore gaan.

8/9/2012 4:41 AM

Die repetoire, die eie komposisie, die voorgeskrewe liedjie en die tema is alles maniere om 'n idee oor te dra. Bv, daar was al sergroepe wat boemelaars uitgebeeld het, en met hulle tema-uitbeelding en liedjiekuse sodoende die gebrek aan empatie van die wyer publiek teenoor arm mense, aan die gehoor oorgedra het.

12/8/2012 11:32 AM

Die repertoire's is baie random, en kan van swaar musiek tot 'jolly tunes' strek, so al hoe die musikaliteit saam met die 'show' gedoen kan word is as jy jouself 100% inleef en die emosie/idee/opinie ten volle te gebruik. Mens kan net soveel doen met 'n stem, die res gaan oor jou lyftaal, jou gesig, en jou passie. Plus dis 'n 'hobby', so jy kan na klas jou hart uit kom sing en dans so dit is 'n soort stresverligter.

5/8/2012 8:26 PM

Tema uitbeelding. Liedjie uitbeelding. Jy dra 'n boodskap oor aan die gehoor deur jou liedje keuse, volgorde en emosie wat jy na vore wil bring daardeur. Verder die kostuums....jy kies 'n lekker tema wat lekker liedjies het wat daarby pas en waarvan die gehoor sal hou.

3/8/2012 12:30 AM

'n Mens (sêr lid) lewe jouself uit op die stage. Al jou gevoelens en idees wys as jy op daai stage klim.

3/8/2012 11:00 AM

Drama, dinamiek en gees. Elke ser lid moet hulleself inleef in die musiek om die ekspressie daarvan goed oor te dra.

3/8/2012 9:58 AM

Elke sergroep kies 'n tema wat vir hulle waarde dra en kies liedjies rondom die tema waarmee hulle kan uitbeeld, dit wat hulle as 'n goeie boodskap beskou. Daar is 'n storielyn in elke ser en wek definitief emosie by die gehoor hetsy woede, humor, ongemaklikheid ens.

30/7/2012 11:09 AM

Dit begin by die temas waar jy al reeds iets oordra en ook hoe jy dit uitbeeld. Elke jaar kom daar so n verskeidenheid van verwerkings wat opgevoer word en almal het hul eie idee van hoe iets moet wees. Dit gee geleentheid vir n groot verskeidenheid van musiek.

28/7/2012 6:30 AM

Wanneer 'n mens kyk na die temas wat elke jaar gekies word is dit duidelik dat die groepe elkeen 'n standpunt probeer inneem met betrekking tot wat hulle wil sê. Dink aan hoe Patria humor gebruik in hul musiek, of Veritas en Heimat gewoonlik baie patrioties voorkom in hul benaderings. De Wilgers het hierdie jaar 'n meer sjarmante tema wat oorgaan tot iets meer donker en sinister. Die musiekkeuse en vertolking daarvan dra baie by tot die idee/opinie/emosie wat oorgedra word.

27/7/2012 6:08 AM

Veral vir studente wat nie normaalweg iets met musiek te doen het nie, is dit 'n manier om hulle kreatiwiteit uit te druk d.m.v. dans en sang en groeps aktiwiteite.

26/7/2012 8:34 PM

Musiek skep idees, gevoelens en emosie. Dit bring mense ook nader aan mekaar.

26/7/2012 5:45 AM

Eerstens deur 'n spesifieke tema kan iets aktueels benadruk word. Daar kan sekere boodskappe gestuur word deur sekere liedjies te sing en sekere goed in die "toneel"-dele van 'n seroptrede kan 'n seker opinie benadruk.

24/7/2012 4:24 PM

Dit spreek kwessies (huidige, historiese of toekomstige) aan. Met die keuse van temas of liedjies kan sekere idees oorgedra en uitgebeeld word.

24/7/2012 8:09 AM

Enigiets kan 'n idee, opinie of emosie oordra, maar ek voel nie ser kan die wereld verander nie. Dit is eerder 'n vermaaklikheidsaktiwiteit as 'n aktiwiteit wat poog om ekspressie as sodanig te bewerkstellig.

23/7/2012 9:42 AM

Tema, keuses van musiek en uitbeelding

18/7/2012 2:11 PM

Deur emosie oor te dra met jou stem, die musiek en jou liggaam

17/7/2012 5:46 PM

Daar is verskeie faktore om my antwoord op bogenoemde vraag te staaf. Die tema, klere drag, liedjie-keuses en totale optrede, om maar net 'n paar te noem, speel alles 'n rol aan sie uiting van 'n spesifieke emosie. Hetsy dit agressie, lojaliteit, liefde, eenigheid, hartseer, gelukkigheid of formaliteit is. Die manier waarop 'n ser optree bepaal grotendeels die algemene gevoel onder beoordeelaars en toeskouers. Na afloop van 'n vertoning is dit een van die primere doelwitte van enige sergroep om 'n boodskap agter te los. As daar nie 'n boodskap in is nie, gaan dit gou weer vergete, waar enige ser groep eerder sou wou he dat dit iets is waaroor daar vir weke, maande selfs jare gegons sal word. En aan enige kragtige boodskap word daar altyd emosie gekoppel.

17/7/2012 4:12 AM

Sergroep gebruik dikwels verwerkings wat bestaan uit meer as een liedjie. Ek sien dit as 'n kuns om 5 liedjies met uiteenlopende temas saam te voeg en een gevoel oor te dra. Gesiguitdrukings speel 'n groot rol en wanneer jy op die verhoog klim is jy lankal nie meer jouself nie. Jy "word" die gevoel, emosie of persoon wat jy probeer uitbeeld.

16/7/2012 3:18 PM

'n Koshuis se wil om te wen in die kompetisie word uitgedruk in die tipe liedere wat hulle kies, hoe die liedere gesing word en die drang om te wen.

15/7/2012 3:20 PM

Sonder twyfel. Wanneer 'n Ser show beplan word, word daar juis besluit wát is die boodskap wat ons wil oordra. Hierdie boodskap word selde eksplisiet gestel (hoewel die tema wel hiervan 'n aanduiding kan wees) maar word gou duidelik deur sekere aspekte van die groep - bv. Kostuums; koshuise wat kies om nie deel te neem nie; suggesties wat in die teks of lirieke versteek kan word. Voorbeelde hiervan is LaVaria wat die een jaar so onbetaamlik aangetrek was, en Over de Voor wat een jaar net 'n klomp 'praise and worship' liedjies gesing het en 'n lang stuk uit d Bybel voorgelees het

15/7/2012 12:23 AM

Met sêr is daar soveel vryheid met wat jy doen. Soos jy kies jou eie verwerkings, tema, wat jy gaan doen, hoe jy dit gaan oordra, ens. Die reëls van sêr is so, dat jy as sêrgroep steeds eintlik kan doen wat jy wil en jou opinie of emosie of idee oordra. Veral met musiek is dit baie maklik om 'n sekere emosie oor te dra met sekere tipies genres musiek. Ons vra altyd: "wat wil ons hêe moet die gehoor ervaar?" en werk dan van daar af.

15/7/2012 5:58 AM

Daar word dikwels veral in Afrikaanse keurspelle sosiale kommentaar op die land of universiteit of die wêreld gevind. Emosies word oorgedra deur crowd pleasers wat die gehoor intrek en deelmaak van dit wat op die verhoog gebeur. Met behulp van dinamiek of met ballades of ander stadiger liedjies, word daar dikwels 'n hartsnaar geraak. Die eie komposisie het natuurlik die vermoë om nuwe musikale idees en melodieë oor te dra, maar kan ook met die lirieke 'n opinie of emosie oordra.

15/7/2012 4:10 AM

Die liedjies en bewegings wat gebruik word kan maklik 'n boodskap uitbeeld. Verder kan liggaamstaal en stem (bv. hard en sag) gebruik word om verdere emosies uit te beeld.

15/7/2012 4:06 AM

5. Hoe is Ser tegnies toeganklik? Maw is dit moontlik om Ser aan te leer sonder vooraf musikale opleiding?

Meer moeite is wel nodig om als dan te bemeester, maar nie almal in die groep het enige vooraf kennis nie.

9/11/2012 3:36 AM

Ek het al menigde studente gesien wat GEEN musikale ervaring het nie en wat dan soms as die sterre van ser uitree

29/10/2012 7:05 AM

Almal kan deelneem want die musiek word mondelings oorgedra en nie deur musieknotasie nie.

8/10/2012 5:44 PM

Die wat bladlees, kan dit doen.. vir die wat nie kan nie is daar afrigters met instrumente wat die musiek in/aanleer.

7/10/2012 4:35 AM

Not everyone is capable of reading sheet music but this type of skill is easily learnt when you are working with others who possess this skill. It is however beneficial to the group to have members who have musical qualifications because they can help the others.

28/9/2012 6:31 AM

Die serlede is baie afhanklik van hulle ore. Meeste van die studente kan nie van die blad af sing nie. Gewoonlik is bladmusiek oortollig. Dit leer hulle baie goed luister en vorder musikale geheue.

25/9/2012 11:23 AM

Jy moet iemand hê wat die sergroepe help met note aanleer ens. aangesien baie lede nie enigsins self kan note lees nie. Dit vorm ook baie keer deel van die bemagtigingsproses waar lede soms 'n groepe met goeie serleiers basiese bladmusiek-lees tegnieke aanleer. Daar is egter ook sanggroepe wat nie altyd toegang tot goeie afrigters of voorafopleiding het nie. Hierdie groepe vaar gewoonlik nie so goed by die kompetisie nie en ervaar nie altyd 'n positief as ouens met die nodige tegniese hulpbronne nie.

25/9/2012 5:00 AM

Ek het nog nooit musiek opleiding gehad nie, ek kon nie blad musiek lees of volg nie, ek het in 1jaar se ser geleer hoe om blad musiek te volg en ander stem partye se parte ook te leer volg en sommige note geleer oor hoe lank om die noot te hou ens.

25/9/2012 3:17 AM

Ja ser is tegnies toeganklik. Meestal bestaan ser-groepe uit leke wat nooit van tevore gesing het nie, en selfs mense wat nooit gedink het dat hulle kan sing nie.

11/9/2012 7:02 AM

MP3's wat vooraf geluister word help met die aanleer van musiek

8/9/2012 4:41 AM

Ser is beslis toeganklik. 'n Mens het geen formele musikale opleiding nodig nie (alhoewel dit 'n groot voordeel is). Note kan op gehoor aangeleer word, en musiekterme word by wyse van eenvoudige verduidelikings aangeleer. Die verwerkings is gewoonlik nie te ingewikkeld nie en die teorie agter die musiek is nie regtig van kardinale belang nie - dit gaan eerder oor die gevoel van musiek, wat nie aangeleer kan word nie. Ser diskrimineer dus nie teen leke nie - dit versterk bloot hulle musikale talente.

12/8/2012 11:32 AM

Dit sal baie makliker wees as jy 'n musiekagtergrond het, soos meeste meisies in ons ser, maar, dis nie eintlik nodig nie, as jy jou note kan aanleer, (EN ONTHOU), en op pitch kan bly, dan kan jy dit af'pull'.

5/8/2012 8:26 PM

Ek het nie enige grade in musiek nie, maar oor die jare het my gehoor verskriklik baie ontwikkel. Ek leer vinniger aan en onthou note makliker. Dit is 'n proses, maar as jy 'n oor vir musiek het, dan is dit makliker. Jy MOET net konsentreer as jy nuwe musiek aanleer.

3/8/2012 12:30 AM

Ek het nooit formele musiek opleiding gehad nie. As 'n persoon die talent het en besluit om dit te gebruik, kan jy doen watookal jy wil. En al het jy dalk nie die talent nie, maar jy word die kans gegun om te probeer, moet jy probeer! Jy weet nooit wat God se plan is nie...

3/8/2012 11:00 AM

Definitief. Sang is 'n talent en of jy opleiding gehad het of nie, as jy die talent daarvoor het sal jy dit kan doen. Partykeer is dit nie altyd musikaliteit wat belangrik is nie maar ook die groep se selfvertroue. Stadig maar seker slyp serlede mekaar.

3/8/2012 9:58 AM

Dit is belangrik dat jy min of meer musiek kan verstaan, terme soos diafragma, denamiek, stut, oktawe, halwe en heel note, ens. omdat daar nie regtig tyd is om daardie tegniese vaardighede aan te leer nie, maar slegs te verbeter. Die tyd is te druk en dus moet alle moontlike ure aan die aanleer van die musiek spandeer word.

30/7/2012 11:09 AM

Ek is nie die musikaalste persoon nie en die onderateuning wat die ander lede gebied het het my laat groei. Jou afrigters lei jou ook meer op en gee vir jou daardie ekstra kennis wat jy op kan bou

28/7/2012 6:30 AM

Ek maak glad nie gebruik van bladmusiek nie. Ek werk suiwer op my gehoor, en 90% van die mans met wie ek werk het nog nooit voorheen gesing nie. Met meisies is die persentasie laer. Maar daar is baie lede wat net 'n natuurlike aanvoeling het vir musiek.

27/7/2012 6:08 AM

Ek het baie sêr lede gehad wat nooit nog van tevoren iets met musiek toedoen gehad het nie. Inteendeel dink ek 95% van my mans groep het nooit musiek gehad of koor gesing nie. Ek het baie tegnieke gebruik om die musiek vir hulle aan te leer... o.a. solfa, voorsing, ritmes klap en tel ens.

26/7/2012 8:34 PM

Dis baie op gehoor gefokus. Dit maak dit makliker om te sing. Ennnnn natuurlike die ure en ure en nogmaals ure wat daaraan spandeer word.

26/7/2012 5:45 AM

Ek het geen musikale opleiding nie, en ek het heel goed ingeskakel. Om die waarheid te se, die groot meerderheid van die sergroep het nie musikale opleiding nie, hulle kan net 'n noot goed hou en dan word dit van daar aangeleer.

24/7/2012 4:24 PM

Dit hang af of die persoon darem 'n musikale oor het. Sekeres wat nog nooit aan musiek op hierdie vlak blootgestel is nie, sal die musiek kan baasraak, al neem dit bietjie langer as dié met musikale agtergrond.

24/7/2012 8:09 AM

Ser is verseker oop vir enigiemand wat kan sing en wat lus het om te leer. Uit ervaring van my eie koshuis is meeste mense wat aan ser deelneem "musikaal ongeletterd." Die musiek word ook op gehoor aangeleer sonder enige vorm van bladmusiek. Dit is wel die ideaal dat die afrigter tog iets van musiek weet en note kan lees.

23/7/2012 9:42 AM

Met behulp van afrigting en ondersteuning

18/7/2012 2:11 PM

Dit is moontlik, maar sal nie van so 'n hoë gehalte kan wees nie. Jy moet ondervinding met musiek hê, anders gaan jy die hele groep beïnvloed.

17/7/2012 5:46 PM

Baie mense is musikaal gebore terwyl ander daarvoor opgelei moet word. Ek het klavier as vak geneem op laerskool, asook kitaar lesse buitemuurs voltooi. Ek neem deel aan sang kompetisies vandat ek 7 is, en vaar nog altyd redelik goed. Ek kan egter nogsteeds nie note lees nie. Ek weet ook dat baie meisies saam met wie ek al ser gesing het geensins enige musikale agtergrond het nie. Ek het gelukkig 'n musikale oor, en is baie noot vas. Dit is belangrik om 'n musikale oor te he, daarsonder is jou kanse om voor 'n gehoor te kan sing feitlik nul. Daar is ook 'n persepsie wat meen dat dit minder belangrik is binne 'n groep. Dit is egter glad nie waar nie. Daarom staan dit bekend as enkel-ser, wat beteken dat elke individuele meisie in die groep daartoe instaat moet wees om solo te kan sing, wat ook beteken dat geen meisie 100% afhanklik kan wees van iemand in haar stemparty om seker te maak van note wat gesing moet word nie. Indien iemand dan nie musikale opleiding gehad het nie, sou dit veilig wees om te se dat hy/sy wel 'n oor/aanvoeling vir musiek moet he.

17/7/2012 4:12 AM

Ek het vorige musiekopleiding, maar was nog nooit lief vir die tegniese aspekte daarvan nie. Tot my verligting was ser 'n manier om musiek te maak deur gevoel eerder as tegniek. Daar is natuurlik aspekte wat nie ignoreer kan word nie soos bv. dinamiek, artikulasie en om te stut terwyl jy sing. Die enigste doel van die tegniese aspekte van ser is om jou toe te laat om jouself te 'verloor' in die musiek, maar om dit so te doen dat 'n beheerde klank gevorm word.

16/7/2012 3:18 PM

Sêr kan gesien word as 'n groot leerskool vir studente wat niks van musiek af weet nie. Enige student word aanvaar op die basis van sy stem en talent.

15/7/2012 3:20 PM

Hoewel dit wragtig nie 'n maklike taak is nie!!!

15/7/2012 12:23 AM

Al die koshuise het nie ewe veel mense wat musikale ervaring of opleiding al gehad het nie, so dan moet jy dit aanleer vir van die groepslede. Omdat mens al so lank voor die tyd begin oefen kan jy sekere tegnieke aanleer. Soos ek het geen tegniese musikale opleiding gehad voor sêr nie, en a.g.v. sêr kan ek nou na 3 jaar sê ek het al baie geleer en verbeter.

15/7/2012 5:58 AM

Die meeste mense wat sêr sing het dikwels geen tot baie min musikale opleiding gehad, so dit is heeltemal moontlik om deel te neem en dinge aan te leer. Die geheim is om altyd te motiveer waarom 'n tegniek aangeleer word of waarom iets op 'n sekere manier gedoen moet word.

15/7/2012 4:10 AM

daar is meisies wat ser sing sonder enige formele musikale opleiding of ondervinding. dit is egter 'n bietjie moeiliker, maar as 'n mens selfvertroue het en hard werk is enige iets moontlik

15/7/2012 4:06 AM

6. Hoe word Ser verstaan onder die res van die kampus?

As 'n groot geleentheid.

9/11/2012 3:36 AM

Almal weet ser is groot, dit is hoekom mense in rye slaap vir kaartjies. Vir n week staan die universiteit stil vir ser - dosente verstaan dit egter nie, of altans nie myne nie, maar wie gee nou om wat dosente dink!

29/10/2012 7:05 AM

Hulle geniet dit as entertainment maar hulle beskou dit ook as belangrike punte vir elke koshuis.

8/10/2012 5:44 PM

As 'n fantastiese amazing produk! Kampus is altyd soooo opgewonde oor Ser dat die kaartjies vlieg en studente selfs voor die kaartjie-kantoor kamp om 'n kaartjie te verseker!!

7/10/2012 4:35 AM

It is seen as a form of bonding and many are intimidated by the level of musical talent that is produced by some dormitories.

28/9/2012 6:31 AM

Dit is samebindende aksie. M.a.w mense groei saam en leer dinge. Ek dink almal wat op die kampus swot was in 'n ser of het al ser gekyk en geniet!

25/9/2012 11:23 AM

Die grootse kuns- en kultuurgebeurtenis op kampus.

25/9/2012 5:00 AM

Res van die kampus is nie seker hoe om dit te sien nie, meeste sien dit as tyd mors en ander sien dit as 'n manier om weg te breek van die stres van studies.

25/9/2012 3:17 AM

As hierdie ongelooflike produksie waarna almal die heel jaar uitsien. Waarvoor die ser-lede soms hul sosiale lewe, akademie en ander goed so klein bietjie moet afskeep. Almal verstaan egter nie die fyner detail van ser nie, want 80% van die gehoor is leke. Maar solank dit vir die leek goed klink, die ser-groep baie energie het en snaaks is - LOVE die gehoor jou.

11/9/2012 7:02 AM

Gemengde gevoelens. Sekeres sien dit as 'n mors van tyd pmdat akademie belangriker is, ander sien dit as 'n maier om hulle koshuis se naam hoog te hou. Ander mag dit ook as 'n lekker entertaining event vir die jaar sien.

8/9/2012 4:41 AM

Ser is vir die res van die kampus 'n simbool van eenheid, samehorigheid en ambisie. Die kampus het hoe verwagtinge van sergroepe, want hulle voel hulle word deur die 20 lede op die verhoog verteenwoordig.

12/8/2012 11:32 AM

Mense (oor die algemeen) besef nie hoeveel tegniek agter 'n ser repertoire le nie. hulle sien/hoor die eindproduk en dink dis net so aangeleer en bietjie geoefen, neeee that's not how it is at all!

5/8/2012 8:26 PM

Sing en show en almal wil dit kyk en selfs in hierdie yskoue winter buite slaap net om kaartjies te kry.

3/8/2012 12:30 AM

Sover ek dit kry is dit vir ander studente 'n honderd keer n groter issue en almal wil dit sien en deel wees. Dit maak my baie trots om 'n lid te wees!

3/8/2012 11:00 AM

As 'n groep sterk selfvertroue dames en mans. Dis kompetierend en baie bekend. Party sien ser as die "show" terwyl ander die musikaliteit van die groep waardeer. 'n Balans van beide is nodig!

3/8/2012 9:58 AM

...

30/7/2012 11:09 AM

Dit sal afhang wie die persoon is. Party vind dit ongelooflik en sal elke jaar gaan kyk. Ander dink dis belanglik en vind dit tydmors. Maar ek glo die groter deel van kampus geniet dit en hou van dit om te sien wat elke jaar gebeur

28/7/2012 6:30 AM

Dit is elke jaar 'n larney geleentheid en die studente sien in die algemeen uit daarna. Dosente beskou dit egter as 'n mors van akademiese tyd. Ek sien dit as 'n bydrae tot 'n gebalanseerde studentelewe.

27/7/2012 6:08 AM

in my opinie sien alle koshuis lede (of hulle deel is van die sêr groep of nie) as 'n baie belangrike gebeurtenis in die jaar.

26/7/2012 8:34 PM

Dis HUGE..... En serkaartjies is SKAARS!!

26/7/2012 5:45 AM

Ser word onder sekere studente gesien as 'n mors van tyd, maar sommige studente soos ek is absoluut versot op ser. Dit gee jou die kans om jou stem te gebruik op 'n kreatiewe "verhoog" en vir iemand soos ek wat 'n Christen is wat glo om jou talente te gebruik is 'n manier om God te loof, is dit net 'n plus punt, want nou kan jy dit doen sonder om dit professioneel te hoef te doen.

24/7/2012 4:24 PM

Dit gaan baie oor die algemene indruk wat gespreek word, met ander woorde, die gehoor wil vermaak word. 'n Sêrgroep wat baie musikaal sing, maar nie vermaaklik is nie, kry minder "sêr-cred" as dié wat dieselfde musikaliteit toon én vermaak.

24/7/2012 8:09 AM

Die res van die kampus ondersteun ser volkome. Sonder die ondersteuning van die ander studente sou ser nie die grootste kultuuraktiwiteit op kampus kon wees nie. Hulle sien ser as 'n vermaaklikheidsaktiwiteit.

23/7/2012 9:42 AM

Ongelooftlike aksie met baie pret en plesier!!

18/7/2012 2:11 PM

Meeste mense weet nie hoe baie daar in dit ingaan nie, maar tog sien hulle uit om elke jaar te sien waarmee mense voor en dag kom. Daar is 'n opwindende gevoel onder die kampus oor ser.

17/7/2012 5:46 PM

Ek dink meeste mense op kampus het die persepsie dat mense wat ser sing slegs daarop fokus. Maar terselfde tyd is ser die gewildste gebeurtenis op die kampus, jaarliks. Baie mense koop kaartjies en baie mense wat self nie sing of eers belangstel daarin nie, ondersteun ser.

17/7/2012 4:12 AM

Ser is baie gewild en is een van die grootste vorme van vermaak op die Puk. Ser groepe fokus daarop om liedjies te gebruik wat populêr is by die publiek.

16/7/2012 3:18 PM

'n Groot sang kompetisie

15/7/2012 3:20 PM

Vir mense in die koshuis dink ek (as iemand wat nooit in die koshuis was nie) gaan dit grootliks oor die kompetisie en oor hulle begeerte om die beste te wil wees.

15/7/2012 12:23 AM

Dis 'n koshuis kompetisie, so mense wat in koshuise bly geniet sêr, en ondersteun hulle groep altyd. Ek dink vir die res van kampus is dit dalk nie so 'n big deal nie.

15/7/2012 5:58 AM

As die grootste kultuurgeleentheid op kampus en prestigious. Verder is dit die ideale geleentheid om nuwe vriende te maak en jou musikale kennis te verbreed. Omdat daar slegs 20 lede in 'n groep is - word sêrmense dikwels op die hande gedra en kry hulle ander geleenthede.

15/7/2012 4:10 AM

Die kampus besef nie hoeveel harde werk in ser gesit word nie. Hulle dink dikwels dat dit sommer vinnig vinnig aan mekaar gesit kan word. Ander se opinie is egter dat dit 'n mors van tyd is en dat daar ander belangriker dinge in die lewe is om op te fokus soos bv. akademie. Die meerderheid van die kampus is egter ten gunste daarvoor en sien baie uit daarna om na die vertonings te gaan kyk om sy of haar koshuis te ondersteun.

15/7/2012 4:06 AM

7. Sou jy se Ser word aanvaar deur die res van die kampus, naamlik dosente, personeel, mede-studente en algehele publiek? Hoekom sou jy se se?

Ja, dit word ongelooflik ondersteun.

9/11/2012 3:36 AM

Dosente nee! ek kon nog nooit ser as n verskoning vir enige akademiese goed gebruik nie, bygese ek studeer regte. Ek dink hulle is jaloers, want al wat hulle het is hulle werk. Ek lewe n vol en lekker lewe en balanseer my ser en studies. Ander studente aanvaar dit definitief, almal wens hulle kon ser sing. Ek het al vir menigde koshuise hulle oudisies gedoen en daar kom gemiddeld 70 mense elke jaar om ser te sing.

29/10/2012 7:05 AM

Ja almal geniet. Ek dink dosente mag dalk voel dit meng te veel met akademie in.

8/10/2012 5:44 PM

Jip, S.A.A

7/10/2012 4:35 AM

Yes. I think everyone sees his as a platform of expression and that is what makes everyone understand how much work goes into it.

28/9/2012 6:31 AM

Natuurlik! Dit is die hoogtepunt van die kultuurkalender

25/9/2012 11:23 AM

Daar is baie gemengde gevoelens. Almal weet dis die grootste gebeurtenis op kampus - sommige personeel ondersteun dit, maar ander ervaar dit as baie negatief aangesien studente weens laataande se oefening moeg is in klas of gewoon klas mis. Die algehele publike LOVE gewoonlik ser maar raak dikwels negatief omdat kaartjies nie so toeganklik vir hulle is soos bv. vir studente op kampus nie. Ser is jaarliks heeltemal uitverkoop oor al die aande.

25/9/2012 5:00 AM

Dosente nee, want hulle sien dit as tyd mors en jy as ser lid kan die tyd spandeur aan hul vak, die ander aanvaar dit vir meeste pla dit hulle min.

25/9/2012 3:17 AM

Ja. Byna die hele kampus is gek oor ser...want hulle gaan ondersteun dit. Studente deurnag buite in die vrek-koue om kaartjies te koop. Ouers reis honderde kilometers om hul kinders te sien optree...en daar is natuurlik 'n nasionale kompetisie ook. Dus....almal vrek oor ser...en dis meer as aanvaarbaar.

11/9/2012 7:02 AM

Oor die algemeen ja. My dosente en mede-studente het nog elke jaar verstaan indien ek sekere verpligtinge nie kon nakom as gevolg van ser nie.

8/9/2012 4:41 AM

Ja, sonder twyfel. Ser word nie net deur hierdie groepe aanvaar nie, maar aangemoedig en ondersteun. Net die feit dat elke aand se vertoning vroeg uitverkoop word en dat mense in toue wag om kaartjies in die hande te kry, beteken dat dit baie gewild is. Daar is van verlede jaar af 'n ekstra gala-aand bygevoeg, waarvan die kaartjies ook opgeraap word. Die gehoor bestaan uit 'n diverse groep mense - oud en jonk, musikaal en nie-musikaal, studente en personeellede.

12/8/2012 11:32 AM

JA, dis immers net 'n ekstrakurrikulere aktiwiteit.

5/8/2012 8:26 PM

Ser word aanvaar deur almal, behalwe dosente. 'N briefie van die prim omdat jy kleedrep het werk nie meer om jou uit klas uit te kry nie... Die res van die kampus en publiek is mal oor ser tyd, dus het ons 'n ekstra aand by wat almal nog 'n geleentheid gee om die ser op die verhoog te kan sien.

3/8/2012 12:30 AM

Meeste mense ja, alhoewel ek beleef het van my een dosent dat sy nie dit enigsins aanvaar nie en dit afgese het as 'n verskoning om spoedig 'n lesing af te handel sodat ek kon gaan reg maak vir my optrede. Dit tel blykbaar nie as 'n geldige verskoning soos wat puk sporte doen nie en dit sit my bietjie af...

3/8/2012 11:00 AM

Ja, dis goeie geesvang en mens is trots op jou koshuis.

3/8/2012 9:58 AM

Nie deur dosente nie - omdat dit veral in ser week, druk gaan en jy sommige klasse nie kan bywoon nie. Die skoonmaakpersoneel in die koshuis waarin ek is, was baie entoesiasies oor die ser, hulle het gereeld kom kyk hoe ons oefen en ook vir ons sterkte toegewens. Mede-studente aanvaar definitief ser, hulle is baie ondersteunend en sien ook uit na die groot kompetisie. Die algehele publiek weet te min van ser af.

30/7/2012 11:09 AM

Res van die kampus ja. Hulle kom kyk en ondersteun ons. Dosente nie so baie nie omdat van hul glo dit neem akademiese tyd weg en gee nie vergunning vir kleedrepetisies ens nie. Mede studente en publiek is elke jaar in oproer en staam in talle rye vir kaartjies was se die ondestwuning is daar

28/7/2012 6:30 AM

Soos genoem in die vorige vraag; nie noodwendig nie. Daar is baie verskillende persepsies oor ser. Die publiek hou daarvan vir die vermaaklikheidsaspek. Dosente wat nie self in 'n koshuis was of aan ser deelgeneem het nie is gewoonlik negatief teenoor enige kultuuraktiwiteite. Maar daar is ook dosente wat positief daarteenoor is. Dit is maar 'n subjektiewe ding.

27/7/2012 6:08 AM

Ja. Meeste dosente woon sê self by en ondersteun die koshuise.

26/7/2012 8:34 PM

Ja, dis n kultuur en tradisie. Dis fun. Almal weet wat ser is en wil deel wees daarvan. Kaartjies is skaars. Dosente neem dit in ag met toetse ens.

26/7/2012 5:45 AM

Ek dink daar is studente end osente wat teen ser is omdat dit tyd gebruik wat eintlik daar is vir akademiese doeleindes, maar die groter meerderheid wat weet wat ser is, geniet dit al neem hulle nie self deel nie.

24/7/2012 4:24 PM

Dit is definitief meer gewild onder die studente, maar sommige dosente ondersteun wel vir sêr terwyl ander nie so ten gunste daarvan is nie, bv as studente klas moet misloop vir kleedrepetisies.

24/7/2012 8:09 AM

Meeste mense met wie ek reeds te doen gehad het aanvaar ser en het baie simpatie vir die hoeveelheid tyd wat ser opneem. Dosente is bereid om vergunnings te maak indien klasse nie bygewoon kan word as gevolg van byvoorbeeld 'n kleedrepetisie of optrede. Die koor verskoon serlede van kooroefeninge in serweek.

23/7/2012 9:42 AM

Ja! Dis op bouend!!

18/7/2012 2:11 PM

Ja, dit vorm deel van die PUK en die meerderheid mense geniet ser en sien uit daarna.

17/7/2012 5:46 PM

Ek sou se dat min of meer 90% van alle bo genoemde mense vir dit is, terwyl die ander 10%, waaronder sommige personeel en dosente, teen dit is omdat hulle nie alles wat daarmee gepaard gaan verstaan en waardeer nie. Ook omdat daar dikwels met klas en akademie tyd ingemeng word. Die persone wat deelneem aan die ser en self sing leer egetr hoe om hul tyd te bestuur, en moet ek eerlik se dat daar deur die verloop van jare al hoe meer aandag gegee is aan die akommidasie van dosente en hul reels. Tot op 'n punt waar dit werklik bloot onmoontlik is om aan hul vereistes te voldoen.

17/7/2012 4:12 AM

Ja, tot 'n mate. Die personeel en publiek wat enigsins te doen het met die Puk verstaan die waarde wat aan ser gehef word.

16/7/2012 3:18 PM

Aanvaar en verdra. In sekere opsigte is dit 'n groot aanwinst vir die kunste op kampus. Ander sien dit as 'n groot tydverdrijf en tydmors.

15/7/2012 3:20 PM

Ja, ek reken so. Ser-mense se enigste klagte is waarskynlik dat hulle akademie daarmee inmeng (dus dat dosente onsimpatiek is en nie verstaan nie), maar dis sommer nonsens. Die primêre rede waarom jy op kampus is is immers om te studeer.

15/7/2012 12:23 AM

Soms, dit hang seker maar af van wie jou dosent is en of hulle sêr geniet. Maar ek dink oor die algemeen ondersteun die meerderheid sêr, want die ouditorium is altyd vol met sêr.

15/7/2012 5:58 AM

Sêroefening is dikwels 'n struikelblok aangesien dosente en personeel dit maklik kan sien as iets wat die aandag van akademie aftrek - veral omdat daar so baie en lank geoefen word. Nie almal is daarvoor nie, maar daar is tog ondersteuning. Mede-studente dink dit is fantasties. Algehele publiek kla dikwels omdat die kaartjies uitverkoop is en dit dui op die algehele gewildheid van sêr.

15/7/2012 4:10 AM

die meerderheid aanvaar dit en sien uit na die vertonings. Jy kry egter die uitsonderings wat glo dit is 'n mors van tyd.

15/7/2012 4:06 AM

8. Wat, volgens jou, is die doel van Ser?

Om op 'n gesonde wyse te kan kompeteer in 'n nasionale a capella sangkompetisie.

9/11/2012 3:36 AM

om studente die geleentheid te gee om hulle liefde vir sang saam te deel, om die puk nasionaal te verteenwoordig (of dan nou die universiteit waar jy studeer) en laastens is dit 'n groot finansiële bydrae tot die kunste se finansies.

29/10/2012 7:05 AM

Om georganiseerde studente lewe te bevorder en iets daar te stel waarop studente trots kan wees.

8/10/2012 5:44 PM

Eenheid, fun, en 'n boodskap. Musikale vryheid

7/10/2012 4:35 AM

To showcase musical talent

28/9/2012 6:31 AM

bevorder sang.

25/9/2012 11:23 AM

Om mense bymekaar te bring en saam die wonder van samesyn en musiek te vier. Om jongmense te bemagtig om hulle sangtalent te ontwikkel - waarvan hulle dikwels nie eens bewus is dat hulle dit gehad het nie. Dink bv. aan Katlego Maboe, sy loopbaan as professionele kunstenaar het ontstaan weens ser.

25/9/2012 5:00 AM

Om kultuur te bevorder en 'n weg breek kans van studies. Iets waar jy in deel kan wees en jou emosies uit te beeld en net lekker mal te kan wees.

25/9/2012 3:17 AM

Om jou koshuis te verteenwoordig, jou talente uit te leef, jouself te geniet, hartsvriende te maak, om meer te leer van musiek en natuurlik dissipline.

11/9/2012 7:02 AM

Om kameraderie tussen koshuisinwoners te bevorder, om gesonde kompetisie te handhaaf, om liefde vir musiek te bevorder, om kreatief te werk te gaan met 'n groep mense se idees

8/9/2012 4:41 AM

Ser het ten doel om Afrikaanssprekendes van verskillende agtergronde byeen te bring om sang, musiek en taal te vier.

12/8/2012 11:32 AM

Koshuis 'rivalry' 'n hupstoot te gee, en om elke meisie/ou met musiektalent die kans te gee om dit met mense op kampus te deel.

5/8/2012 8:26 PM

Studente die geleentheid gee om hul talente te gebruik. Jou hoofprioriteit op universiteit is om te studeer. Ser is soos 'n wegbreek kans om te ontsnap van die werklikheid en net te kan sing en jousef geniet. Ser leer jou baie dinge....van ander mense, politiek en van jousef! Ser is amazing en die harde werk is altyd die moeite werd!

3/8/2012 12:30 AM

Om ons talente te gebruik in iets wat vir ons lekker is en ook op dieselfde tyd ons talente verskerp en ons lewens kennis sowel as kans gee.

3/8/2012 11:00 AM

Samekoms van mense wat lief is vir musiek en pret he. Ja dit moet 'n bietjie kompetierend wees en entertaining, maar hoofsaaklik baie PRET!

3/8/2012 9:58 AM

Ser is maar net soos enige ander sportsoort. Die doel is maar om te kyk watter span die beste is.

30/7/2012 11:09 AM

Musiek. Om n groep mense te druk om die beste verwerkings en talent te wys wat hulle het. Laat n groep kunstenaara saam werk om n briljante uitproduk te lewer

28/7/2012 6:30 AM

Om by te dra tot 'n gebalanseerde studentelewe, om patriotisme en koshuistrots te kweek, en om spanwerk en fellowship onder mede-koshuislede te kweek.

27/7/2012 6:08 AM

Om deur middel van musiek 'n eenheid te skep. Om mense wat normaalweg geen betrokkenheid in musiek sal hê nie, deel te maak van iets wat hulle voel hulle kan uiting gee tot emosie d.m.v. musiek en as 'n groep iets vir hulle koshuis beteken.

26/7/2012 8:34 PM

Pret, kameraadskap, 'n naam en titel van 'serwenners'

26/7/2012 5:45 AM

Vir my was ser se doel omdat dit lekker was. Ek dink die idee van ser is om kultuur op die kampus te stimuleer. Om studentebetrokkenheid te vereker. Dit kan ook gesien word onder sekere omstandighede as 'n manier om Afrikaanse kultuur te laat voortleef.

24/7/2012 4:24 PM

Dit is 'n goeie manier om mee te ding met ander koshuise en ook die musikale kultuur van ons kampus te laat voortleef.

24/7/2012 8:09 AM

Die doel van ser is volgens my om 'n liefde vir kultuur te kweek, om te wys kultuur kan net soveel ondersteuning soos sport geniet, om koshuise tot 'n eenheid te bind, om interaksie tussen verskillende koshuise aan te moedig, om mense wat nie musikale kennis het nie die geleentheid te gee om ook musiek te maak en om die studente te vermaak.

23/7/2012 9:42 AM

Om ons kultuur uit te leer en te beeld DMV musiek

18/7/2012 2:11 PM

Dit skep geleentheid vir mense wat lief is vir musiek om te doen waavor hulle lief is en hulle kan 'n boodskap uitstuur aan die gehoor en mense deur hulle musiek bereik. Ser is 'n goed-voel aktiwiteit omdat dit vir elke party vreugde verskaf wat deelneem daaraan.

17/7/2012 5:46 PM

Om 20 mense die geleentheid te gun om hul talente te gebruik en 'n 1500+ mense die geleentheid te bied om dit te geniet.

17/7/2012 4:12 AM

Dit is om 'n gevoel oor te dra, mooi klanke te skep wat beheersd is, die liefde van musiek en jou natuurlike talente uit te leef en natuurlik om almal op en naby die Puk bymekaar te bring om 'n hegte eenheid te vorm.

16/7/2012 3:18 PM

Goeie koshuis kompetisie. Ontwikkeling van sang en musiek talente onder studente. 'n Gesonde kunste gees onder studente te kweek.

15/7/2012 3:20 PM

Hmmm, ek wil sê musicale bevrediging, maar dis nie net dit nie. Dit gaan net soveel oor die kompetisie en oor die samehorigheid.

15/7/2012 12:23 AM

Om musiek in SA te bevorder, en dis ook net baie lekker om te kan deelneem.

15/7/2012 5:58 AM

Om studente die geleentheid te gun om op 'n verhoog op te tree en hul sangtalent en musikale vermoë uit te leef. Dit is beslis ook 'n plek waar vriendskappe gesmee word en dikwels word bekende sanggroepe gekweek in sêgroepe (Navi Redd, Overtones, Flip-A-Coin). Amateurs kry dikwels nie die geleentheid om hul talent ten toon te stel nie, maar sêr gee aan hulle die erkenning wat hul harde werk toekom.

15/7/2012 4:10 AM

Die doel van ser is om 'n geleentheid te skep om 'n gebalanseerde leefstyl te handhaaf en vir 'n rukkie weg te breuk van akademie af. Dit bied 'n gesonde manier aan om fun te he vir die studente. Laastens skep dit 'n eenheid tussen die studente op die kampus en bied 'n bietjie gesonde kompetisie tussen die verskillende koshuise.

15/7/2012 4:06 AM